

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

LZ.6 Vol 194p 10058-10119

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-03-18

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 194

(Bladsye 10 058 - 10 119)

HOF HERVAT OP 18 MAART 1987.AL DIE BESKULDIGDES IS TEENWOORDIG IN DIE HOF.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, ons was laas voor ons verdaag het nog besig met die vergadering van 4 September 1984. Is dit reg? -- Ja, dit is.

Op hierdie vergadering wil ek dit aan u verder stel dat ook Edith wat daar teenwoordig was, was 'n verteenwoordiger van, as 'n tesourier van VCA, lid van die Gebiedskomitee, Gebied 7 en ook as 'n lid van die bestuur van VOW? -- Ek (10) weet nie in watter hoedanigheid sy daar was nie.

Maar weet jy dat sy op al hierdie besture dien wat ek genoem het? -- Ek is daarvan bewus dat sy 'n lid is van VOW en VCA.

En Dorcas Raditsela was ook daar gewees? As voorsitster van VOW? -- Sy was glad nie daar nie.

Want u sien, die getuienis van beskuldigde nr. 8 was dat Dorcas Raditsela het hom gaan oplaai en geneem na die vergadering toe? -- Sy was glad nie by my woning hierdie dag gewees nie. (20)

Was sy by die kerk? -- Ek het haar ook nie by die kerk gesien nie.

En dan by die Vaal Youth Congress was Joseph Sithole daar? -- Ek ken hom nie as 'n lid van die Vaal Youth Congress nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Hy was daar, maar u ken hom nie as 'n lid van Vaal Youth Congress nie? -- Ja, hy was teenwoordig.

MNR. JACOBS : En Sefako Mokoena en beskuldigde nr. 8 en beskuldigde nr. 7 was almal lede van die VCA se area- (30)

komitee/...

komitee? -- Ek het nie geweet aan watter organisasie behoort beskuldigde nr. 8 nie, maar hulle was daar gewees.

Is ek reg dan as my afleiding is dat hierdie was 'n vergadering van die organisasies in die Vaal saam met UDF? -- Nee, dit was 'n vergadering van VCA en Evaton Ratepayers Association.

Hoekom skerm jy so weg om te erken dat hierdie was 'n gesamentlike vergadering saam met UDF, saam met al die organisasies? -- Dit is omdat hierdie vergadering niks te doene gehad het met UDF nie. Dit was 'n vergadering gewees (10) van die twee organisasies wat dinge wou bespreek het oor wat daar plaasgevind het in die Vaal en die normale lewe terug kry.

Was dit nie ook 'n vergadering waar verslag gedoen is aan UDF se verteenwoordiger nie? -- Nee, daar was geen verslag daar gemaak nie.

Volgens jou het julle 'n bespreking gevoer oor die pamflet? -- Ja.

Is dit dan reg dat al die organisasies wat daar was, al die mense wat daar was, wat ook aan verskillende organisa- (20) sies behoort het, het deelgeneem aan hierdie bespreking behalwe natuurlik Chikane wat jy sê wat net daar gesit het? -- Ja.

En het julle daar besluit op die bewoording van die pamflet? -- Ja.

Het julle hom opgetrek rofweg wat 'n mens nou sal noem 'n "draft"?

HOF : Konsep.

MNR. JACOBS : Konsep. -- Ja, dit was ge"draft" gewees.

En op daardie vergadering oor die hulp wat verleen (30)

was/...

was, wat het julle daarso besluit en op die konsep neergeskryf omtrent die hulp? -- Die hoofrede daarvan was om h vergadering te adverteer en tweedens om mense te laat verstaan dat hulle nou moet ophou met dinge wat eintlik nie veel werd is vir die gemeenskap nie.

HOF : Toe u die pamflet bespreek het, is dit op papier neergeskryf wat daar op moet staan of het u net in die algemeen bespreek wat die bewoording moet wees? -- Ons het dit net bespreek. Dit was h mondelinge bespreking. Dit was nie neergeskryf nie. Dit moes die vergadering adverteer en h (10) beroep op die mense gedoen om "peace" te hou.

MNR. JACOBS : U antwoord nie my vraag nie. My vraag is wat het julle daar besluit oor die hulpverleningsprogram wat julle daar voorgestel het? -- Nee, as ek reg onthou was daar geen besprekings gewees oor die hulp wat verleen moet word nie.

Hoegenaamd niks gesê van dokters of regsgeleerdes of enige van daardie hulp of enige ander hulp nie? -- Nee, eintlik was die rede die volgende. Aangesien dit bekendgemaak was dat daar h vergadering gehou gaan word, sou die hulp-(20) verlening by hierdie vergadering dan bespreek word.

HOF : U praat nou van die openbare massavergadering? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoe het dit dan gekom dat op die twee pamflette wat hier by die Hof ter sprake gekom het, dit is AN15(iii) en AN15(vii) daar wel h hulpprogram aangekondig is?

HOF : Wil u daarna kyk? -- Ja, asseblief. Ek weet nie hoe dit gekom het dat daar so h bespreking was by AN15(iii) nie, maar wat AN15(vii) betref is daar nie so iets wat in daardie pamflet genoem word nie.

MNR. JACOBS : Sê jy daar is niks nie? -- Ek kan sien hierso(30)
praat/...

praat hulle van die hulpverlening van die dokters en die prokureurs.

So, dan is jy mos verkeerd as jy sê daar is nie so iets in nie? -- Nou het ek dit gesien. Ja, dit is reg. Daar bestaan so iets.

So, in altwee hierdie pamflette het dit voorgekom dat daar hulp verleen sou word? -- Ja.

En dit is bespreek op daardie vergadering? -- Die hulp waarvan daar melding gemaak word, was in die volgende opsig gewees. Dit was nie 'n besluit gewees wat daar geneem was (10) nie, maar dit was wel bespreek in die sin dat dit by 'n vergadering reggestel sal moet word. Dit is aangaande die beseerde persone waar mediese behandeling nodig gaan word sowel as die hulpverlening in die opsigte van die prokureurs. Dit sou ook eers by die vergadering bespreek word, nie as 'n besluit geneem daar nie.

Dit was bespreek op hierdie vergadering van julle van 4 September? -- Ja, daar was sulke sprake gewees.

As julle dit daar so bespreek het, dan moes julle ook bespreek het wat se soort hulp julle in gedagte gehad het?(20)

-- Soos ek nou net gesê het, die beseerde persone sou hulp nodig gehad het van die mediese dokters en die persone wat gearresteer was, sou hulp nodig gehad het van die prokureurs.

HOF : Nee, nee, ek weet nou nog nie of u hierdie vraag beantwoord nie. Die vraag is, dus is daar ook bespreek watter, op die vergadering, soort hulp verleen sal word. Is die antwoord daarop ja of nee? -- Die antwoord is ja.

MNR. JACOBS : Julle het ook geweet daar op hierdie stadium toe julle dit bespreek het, dat julle in ERPA sowel as VCA het nie die geld nie of die ander organisasies? -- Die geld(30)

was/...

was nie bespreek nie.

Maar julle het mos nou geweet julle wil hulp verleen, julle het nie geld nie, dan moes julle dit mos bespreek het daar "Ons het nie geld nie. Hoe gaan ons die mense help?" -- Dit sou die hoofrede gewees het vir hierdie vergadering van die 9de, wat eintlik meer aandag sou geniet het.

HOF : Die finansies? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het julle hierso bespreek dat die finansies sal aandag kry op die vergadering van die 9de? -- Ja, dit sou 'n belangrike bespreking gewees het oor dit, want ons (10) het geld nodig gehad en ons was van voorneme om aan mense hulp te verleen.

HOF : Nee, maar u moet net verstaan, ek het onsekerheid of u sê dit is bespreek, dan wel of u 'n rede gee waarom u sê dit bespreek moes word. -- Daar was 'n rede gewees dat hierdie bespreek moet word by die gereelde vergadering van die 9de.

Maar die vraag is eintlik is dit bespreek hier by die 4de September hier by julle eie vergadering? -- Nee.

MNR. JACOBS : Maar was dit nie daar bespreek en gesê "Kyk, dit is wat ons vir die mense moet sê dit is moontlikhede" (20) nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

Was dit bespreek daarso watter soort hulp julle nodig gaan hê en vir die mense wil aanbied? -- Dit was nie bespreek nie.

Julle het daarso volmag gegee aan Esau Raditsela, Edith en beskuldigde nr. 17 om die pamflet te kry en te sien dat dit gedruk word en dit dan te kry. Is dit reg? -- Ja.

En waar dit hier in BEWYSSTUK AN15(iii) staan dat die mense kan - ek sal dit lees "All people who heed help in connection with their families or relatives who are injured (30)

or/...

or died, those who need help of lawyers and doctors, they can contact Vaal Civic Association at the following telephone numbers" dan word daardie drie nommers gegee? -- Dit is hoe die pamflet lees, ja.

Die volmag was gegee aan Esau en daardie mense as hulle die pamflet optrek? -- Nee, glad nie. Geen melding was gemaak van enige telefoonnommers wat gebruik kon word om te kontak nie.

Sê jy hierdie inligting is verkeerd op hierdie pamflet? -- Ek weet niks van hierdie pamflet nie. Soos ek alreeds (10) gesê het, toe ons dit ontvang het, het ek dit dadelik besef dat die pamflet niks te doene het met wat ons wou gehad het as 'n doel vir die advertering van die vergadering wat gehou gaan word nie.

Jy hamer so op daardie doel om die advertering van die vergadering, maar dit was ook julle doel om hulp te verleen en ten minste is dit deel van julle vergadering se besluit? -- Al was dit die doel gewees om aan mense hulp te verleen, sou dit nie op hierdie manier van hierdie pamflet geskied het nie. Dit wil sê die manier waarop u dit aan (20) my stel.

Nee, ek stel nie 'n manier aan jou nie. Ek stel aan jou hoe hierdie ding geskryf staan?

HOF : Is hierdie ding nou AN15(iii) of AN15(vii)?

MNR. JACOBS : AN15(iii) op die oomblik. -- Hierdie pamflet was verwerp, dit was glad nie aanvaar deur ons nie. Ons weet nie daarvan nie. Dit wil sê ons weet nie hoe dit ontstaan het nie.

Hoekom is hierdie hulpverlening deur julle verwerp wat in AN15(iii) aangegee word?

(30)

MR BIZOS : The pamphlet was rejected, My Lord.

HOF : Ja, die pamflet.

MNR. JACOBS : Hoekom is die pamflet verwerp ten aansien van hierdie hulpverlening? Om watter redes? -- Hierdie pamflet was verwerp om die volgende redes. In die eerste plek moes die pamflet die twee organisasies se name bevat het, dit wil sê Vaal Civic Association en Evaton Ratepayers Association as die mense wat hierdie vergadering georganiseer het vir die dag en tweedens, die manier waarop dit daar verskyn dat daar hulp verleen gaan word, is nie die manier waarop ons (10) ooreengekom het nie. Dit moes nie in h pamflet geadverteer geword het nie. Ons sou dit bespreek het by h vergadering. Derdens, eintlik adverteer dit geen vergadering wat gehou gaan word nie.

Is een van die redes hoekom julle dit verwerp het omdat, sê jy ook, dit onprakties was en dat hierdie mense verdwyn het wie se telefoonnommers hier verskyn? -- VCA se mense het meer inligting gehad van persone wat eintlik die eienaars is of by hierdie telefone sou gewees het. Ek het van hulle gesprekke vasgestel dat die persone nie beskikbaar gaan (20) wees vir enige persoon wat hulle by hierdie nommers sou gesoek het nie. Wat dit eintlik beteken en wat dit alles bevat het, sal ek nie kan sê nie.

So, hulle het geweet Esau en hierdie mense gaan verdwyn? Is dit die afleiding wat ek maak? -- Ek praat omtrent die telefoonnommers wat op die pamflet verskyn. Wat ek daaromtrent sê is dat daar niemand sal wees vir enige kommunikasie met wie ook al wat hierdie nommers skakel nie.

Hoekom? -- Hoekom dit so was, is ek nie in staat om vir die Hof te sê nie, maar na aanleiding van die gesprek (30)

waarna/...

waarna ek geluister het, was dit die posisie gewees.

Eerste was tog Esau se nommer, tweede beskuldigde nr. 17 en die derde was tog Edith se nommer? -- Ek weet nie wie die eienaars is van hierdie nommers nie. Ek het nog nie na hierdie nommers geskakel nie.

As ek dan nou jou getuienis reg verstaan dan is die tweede pamflet, BEWYSSTUK AN15(vii) ook heeltemal verkeerd? -- Wat is daarmee verkeerd? Daar is niks verkeerd nie.

Ek sal vir jou lees wat verkeerd is volgens jou getuienis, hierdie "Notices: Doctors can be consulted at (1) (10) Roman Catholic Church, Small Farms. (2) Lawyers can be consulted at UDF, 42 De Villiers Street, Khotso House, Johannesburg, phone number 29-1916 and 7. (3) At Roman Catholic Church Small Farms." -- Ek weet nie, ek dra geen kennis daarvan nie. Miskien is dit die mense wat hierdie pamflet laat druk het wat enige inligting gehad het en dus h redde gehad het om daardie inligting in hierdie pamflet te laat vervat word, as gevolg van wat hulle miskien gereël het vir die hulp wat verleen moes word en waarvan hulle destyds al geweet het. (20)

Nee, so maklik gaan jy nie daarby wegkom nie, want jy het gesê julle het bespreek wat gaan hierdie dinge wees. So, jy is een van die persone wat verantwoordelik was dat hierdie pamflet uitgekom het. Jy was een van die persone wat die ander pamflet verwerp het omdat hy nie reg was nie. Jy was een van die persone wat gesê het julle is tevrede en hierdie pamflet is reg. Nou sê jy dit is nie reg nie? -- U sal moet verstaan dat die persone wat ons afgestaan het en die mag gegee het vir die druk van hierdie pamflet, was teenwoordig gewees met die bespreking daarby hierdie (30)

vergadering/...

vergadering al het ons nie spesifiek gesê wat se hulp verleen sou kon word nie, maar na aanleiding van wat hulle gehoor het en wat hulle toe daar aanvaar het wat die hulp gaan wees aan die persone, het hulle toe hulle eie miskien gedoen om dit te regverdig om dit in hierdie pamflet bevat te laat word. Dus het hulle hierdie inligting op die pamflet gehad. U is reg, ek is verantwoordelik vir die bestaan van hierdie pamflet in die sin dat ek dit bespreek het, maar wat hierdie inligting betref wat u nou na verwys het, kan ek nie verklaar nie. (10)

U sien, dit is vir my eienaardig, die vorige pamflet waarna ek verwys het, was dit juis een van die redes hoekom julle dit verwerp het en hier is dit skielik nie verwerp nie. Hoekom nie? -- Wat belangrik is en wat bevat word in hierdie pamflet is die bekendmaking van die vergadering wat geadverteer moet word. Dit was van belang en tweedens dat dit bekend gemaak word in hierdie pamflet wie betrokke is in daardie vergadering en derdens, hoekom daar 'n vergadering gehou moet word om vrede te bring in die gemeenskap. Dit is die belangrike feite wat in hierdie pamflet vervat word. (20)

Ek wil dit aan jou stel, jy is besig om die Hof te probeer mislei en al te draai om die kwessie dat daar vrede moes gekom het in hierdie gebied? Want volgens hierdie advertensie van julle wat julle hier geplaas het en 'n plakkaat wat jy ook aanvaar het, was daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 'n Plakkaat of 'n pamflet?

MNR. JACOBS : 'n Pamflet wat jy aanvaar het ... (Hof kom tussenbei) (30)

HOF/...

HOF : Dit is AN15(vii), is dit die een waarna u verwys?

MNR. JACOBS : AN15(vii). Is dit volgens hierdie kennisgewig as 'n mens hom lees 'n voldwonge feit dat daar by die Roomse Kerk, Small Farms dokters beskikbaar was om te gaan konsulteer. Dit was 'n gereelde feit reeds? -- Ek weet nie van sulke hulp nie en ek het nog nooit te hore gekom later of dit ooit bestaan het nie.

Stem u saam soos dit hier lees "doctors can be consulted at Roman Catholic Church Small Farms", dat dit duidelik gestel word dat daar sal dokters beskikbaar wees en dat (10) iemand wat 'n dokter nodig het kan soontoe gaan? -- (Getuie huiwer)

Hoekom sukkel jy? Antwoord. -- Nee, nee, ek wil dit mooi verstaan. Kyk, hierdie ding is in Sotho geskryf en u stel dit aan my in Afrikaans. Ek moet seker maak wat daar staan.

HOF : Ja, maar kyk u nou na die Sotho? -- Ja, ek kyk na die Sotho. Ja, die boodskap wat hier bevat word is dat daar hulp beskikbaar is daar.

MNR. JACOBS : So, daar moes vooraf reëlings getref gewees (20) het met dokters om te kom na die Roomse Kerk toe, om daar te wag by Small Farms? -- Nee, dit weet ek nie.

Daar is nie gewoonlik dokters by Small Farms by die Roomse Kerk nie? -- Ek weet nie.

Het enige dokter sy spreekkamers daar? -- Regoor die Roomse Kerk se terrein is 'n spreekkamer van 'n dokter.

Ek sal graag wil hê dat jy dit vir ons uitwys op daardie foto. -- Ek sê nie dit is op die werf van die Roomse Kerk nie. Ek sê oorkant, regoor. 'n Persoon kan praat van die Roomse Kerk verwysende na daardie spreekkamers. (30)

Hoe ver is dit van die kerk af? -- 25 tot 30 meter.

Is dit oorkant die pad? -- Oorkant die pad, ja.

HOF : Dit lyk of daar 'n soort winkel is oorkant die kerk.

Is dit by daardie winkelkompleks? -- Ja, dit is die plek.

MNR. JACOBS : Toe u nou hierdie tweede pamflet gekry het, dit is AN15(vii), toe jy nou daarna gekyk het, jy is mos 'n lid van die komitee, hier is die ander mense teenwoordig by jou, het jy nie vir hulle gevra "Maar waar kom hierdie dokters nou vandaan?" nie? -- As u na my getuienis geluister het, die eerste keer toe ek hierdie pamflet gesien het (10) was die oggend van die 9de by die Roomse Kerk waar ek beskuldigde nr. 10 aangetref het. Ek het gesê hoekom ek daar uitgekome het, was as gevolg van 'n pamflet gekry het wat 'n vergadering adverteer by die Roomse Kerk in Gebied 12. Dit was 'n VCA vergadering. As u nou geluister het, ek het nie vertoef daar nie. Ek het net daar aangedoen en toe verbygegaan na die Roomse Kerk by Gebied 12. U sal nou verstaan, in hierdie tyd was daar geen tyd om nog te staan en praat nie, want al belang wat ek gehad het, was of daar 'n vergadering gehou gaan word of wat word nou van die vergadering. (20)

Jy het die pamflet gelees, het jy nie, AN15(vii)? -- Ja, ek het hierdie pamflet gelees, maar dit is eers na die vergadering verban was.

Watter vergadering? -- Dieselfde een van die dag wat dieselfde dag ook verban was dat daar nie 'n vergadering gehou gaan word nie.

HOF : Hierdie pamflet is AN15(vii). Sê u u het dit gelees na die vergadering of voor die vergadering? -- Wat ek bedoel is nadat ons die kennis gekry het dat daar geen vergadering gehou gaan word daardie naweek nie, dit wil sê (30)

daar/...

daar was geen vergaderings gehou insluitende hierdie vergadering wat geadverteer word op hierdie pamflet nie. Eers daarna, na die vergadering nie gehou was nie, het ek die pamflet gelees.

MNR. JACOBS : Dit was die eerste keer toe jy hom gelees het? -- Ja.

Ek wil na die tweede punt toe gaan. Hulle sê hierso "Lawyers can be consulted at the UDF, 42 De Villiers Street, Khotso House, Johannesburg phone number" so en so. Stem u saam dit is ook 'n voldwonge feit dat hier was reeds (10) reëlins getref en regsgeleerdes was reeds beskikbaar? -- Ek stem nie saam nie, want ek dra geen kennis van enige voorbereidings wat betrekking gehad het op dit nie.

Stem jy saam dat volgens BEWYSSTUK AN15(vii) was daar reeds regsgeleerdes beskikbaar gewees toe hierdie pamflet gedruk is? -- Ek weet nie.

Maar hy is dan voor jou. Hoekom sê jy jy weet nie? -- Ek weet nie dat daar sulke reëlins getref was nie, want ek was nie by toe dit gedoen was nie.

Stem jy saam, laat ek dit weer aan jou stel, wat (20) hierdie kennisgewing oordra aan enigiemand wat hom lees is dat - op die oomblik toe hy gedruk was en jy hierdie ding lees - regsgeleerdes beskikbaar was om hulp te verleen? -- Ek stem saam met u dat dit wel so bekendgemaak word op hierdie pamflet. Wat ek nie mee saamstem nie is dat ek kennis gedra het daarvan dat dit so gereël was.

Het jy ooit geweet van enige regsgeleerdes op enige stadium wat gereël was en wat gekontak kon word? -- Nee, ek het geen kennis daarvan gehad nie.

Nooit op enige stadium toe jou arrestasie nie? -- (30)

Nee/...

Nee, behalwe dat op een geleentheid h persoon my daar besoek het by my woning. Die persoon het vir my die kontakte kom gee van sekere regsgeleerdes.

HOF : U bedoel telefoonnommers of wat? -- Ja, die telefoonnommers.

Is dit nou later of wanneer was dit? -- Dit was lank reeds, om en by Novembermaand.

1984? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie is die persoon wat dit daar na jou toe gebring het? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar die persoon(10) het by my woning gekom. Die rede hoekom ek nie onthou nie is omdat daar baie persone my plek besoek het en die persoon was van Johannesburg gewees wat vir my hierdie goed gegee het en gesê het indien daar enige persone is wat hulp nodig het, kan hulle hierdie nommers skakel.

Van waar van Johannesburg het hierdie persoon gekom? -- Ek weet nie van waar af nie.

Van watter organisasie af het hy gekom? -- Die persoon het my nie laat aanvaar of my laat dink dat hy van h organisasie af gekom het nie. Die persoon het vir my voorgekom(20) asof hy op soek was na sekere inligting met betrekking tot h persoon van sy familielid wat in hegtenis geneem was.

Hoe is dit dan dat hier kom h persoon wat vir jou kontaknommers bring en jy vra nie eers vir hom "Watter organisasie se kontaknommers is dit?" nie? "Watter organisasie sê ons moet hierdie mense stuur?" -- Die kontak wat ek van praat is net so goed as wat jy nou h "tout" kry en die "tout" gee vir jou h kaart en sê "Kyk, daar is h prokureur." Dit is al ding wat ek verstaan het van die persoon se inligting wat hy my gegee het en dus het ek nie nodig gehad om te (30)

vra/...

vra wie sal daarvoor betaal nie, want as die "tout" vir jou iets gegee het, dan weet jy jy moet self gaan betaal.

O, dit was h "tout" gewees hierdie? Is dit wat jy sê?
-- Nee, ek sê nie die persoon was h "tout" gewees nie. Ek noem net h voorbeeld oor die vraag van die kwessie van geld. h "Tout" kan vir jou h kaart gee en jy sal nie vir hom vra wie moet betaal nie. Jy weet jy moet self betaal. Die persoon het my gehelp. Hy was op soek na iets. Hier help hy my met die nommers. As mense kom, sou ek dit vir hulle gegee het om te gebruik indien hulle dit so goed sien. (10)

Wie was die kontakte? -- Dit was agente gewees, Dave Dyason.

En nog of is dit al? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar dit is die enigste een wat ek nog kan onthou.

HOF : Dave Dyason, is dit een persoon of twee persone? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie of dit melding gemaak het van die firma en of dit direk gesê het Dave Dayson nie, maar die naam wat ek kan onthou is dié van Dave Dyason.

MNR. JACOBS : Was daar enigiets gemeld op hierdie kaart of dokument wat jy sê wat jy gekry het van h "social worker"? (20)

HOF : Ons het nog nie gehoor van h dokument nie. Ek het nog nie sekerheid of dit mondeling of skriftelik was nie.

MNR. JACOBS : Ek is jammer. Is dit mondeling of skriftelik aan jou oorgedra? -- Dit is die kontak?

Ja, die kontak? -- Dit is groot dokumente of papiere en die grootte daarvan is omtrent die helfte van hierdie pamflet, met verwysing na AN15(vii).

HOF : Met die naam op? -- Ja, Dave Dyason se naam het op dit gestaan.

MNR. JACOBS : Was dit net die regsgeleerde wie se naam (30)
daarop/...

daarop verskyn het of het daar ander goed ook op verskyn?

-- Ek kan nie meer so goed onthou nie, want die polisie het beslag gelê op daardie goed. Ek het dit nie meer om te kan onthou nie.

Kan jy onthou of daar 'n sosiale werker op hierdie papier voorgekom het en telefoonnommers? -- Nee, ek kan dit nie onthou dat dit so geskryf was nie.

Kan jy onthou of die naam van die prokureur Ismail Aycb daarop verskyn het? -- Wat in daardie dokument bevat was, was die volgende, dat daar baie persone na Ismail (10) Aycb toe gaan vir hulp en indien daar nog mense, kan van hulle ook na Dave Dyason toe gaan.

Het jy gebruik gemaak van daardie kontakte op enige stadium? -- Nee.

Sal jy saamstem as daar twee prokureurs se name op voorkom asook 'n sosiale werker se naam, dan kon dit nie juis eintlik 'n "tout" gewees het nie, dit is algemene inligting wat van 'n organisasie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ons weet nou nog nie van die sosiale werker nie.

Hy kon nie onthou van 'n sosiale werker nie. (20)

MNR. JACOBS : Ek dink ek kan dit maar op hierdie stadium korter stel aan hom. Ek wil hê jy moet kyk na BEWYSSTUK AS7. Dit is een van die dokumente wat by beskuldigde nr. 6 gekry was. U Edele, miskien kan hy daarna kyk in die teeverdaging.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

HOF : Voordat die getuie voortgaan, ek het nou die notule van die verrigtinge, toe ons verlede keer verdaag het, nagegaan en ek vind dat die laaste sin is onderbreek met die (30)

opmerking/...

opmerking van die transkribeerder "Geen verdere opname nie." Daar was 'n kragonderbreking toe ons op die punt gestaan het om te verdaag. Ek dink dat ek daarna gesê het dat ek wil hê dat die partye behoorlik moet voorberei, albei op die aansoek wat beoog word en dat ek daarna die saak verdaag het en die redes gegee het waarom ons twee dae oorslaan. As daar iets verder is wat die advokate op rekord wil plaas by bladsy 10 057, moet hulle dit gerus doen by een of ander geleentheid, maar wat my betref was daar niks verder gesê as wat - wesenlik niks verder gesê as wat nou op (10) rekord is nie.

MR BIZOS : We would agree with that.

MNR. JACOBS : Ons stem ook saam, dit is korrek soos wat die Hof dit opgesom het. Ek weet nie of ons deel ingekom het dat ons - ek het nog nie die oorkonde kon sien nie - graag betyds die verdediging se stukke wil hê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Daardie gedeelte is wel getik. Daar is baie min wat verlore gegaan het van wat hier gebeur het.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, u het nou geleentheid gehad om BEWYSSTUK AS7 te lees. (20)

-- Ja, ek het.

Sal u sê hierdie is nou "touting" as 'n mens hierdie dokument lees?

HOF : Mag ons eers vra is dit die dokument? Is dit die dokument wat by u gevind is en waarna u nou verwys het in u getuienis? -- Ja, dit is die dokument.

MNR. JACOBS : Jy het 'n definisie, jy het hier gepraat van "touting", sal jy sê hierdie is volgens jou definisie van "touting", "touting" of wat sê jy?

TOLK : Om eerlik te wees teenoor die getuie. Die getuie (30)
het/...

het n beskrywing gegee van wat gebeur het oor die kaarte, soortgelyk aan die mense. Die woord gebruik deur die getuie was vergelyk met die beskrywing van "touting". "Touting" is deur my gebruik, want andersins sou dit nie n sin maak het nie. Dit is nie die getuie se direkte woord nie.

MNR. JACOBS : Laat ek dit dan so stel aan jou, wat jy bedoel het, is wanneer prokureurs en regsgeleerdes gaan en mense werf om na hulle toe te kom?

HOF : Nee, dan sal dit nie "touting" wees nie. "Touting" (10) is waar iemand anders rondloop en vir die prokureur of advokaat werk werf, waarskynlik op n kommissiebasis, maar dit is nie nou relevant nie.

MNR. JACOBS : Sal u saamstem met my dat hierdie dokument, BEWYSSTUK AS7 hou verband met hierdie pamflet ook waar daar gesê word dat regshulp verleen word, AN15(vii)? -- Ek kan nie sien dat dit dieselfde boodskap oordra nie.

Hulle hou verband. Ek sê nie hulle dra dieselfde boodskap oor nie? -- Dit is nie so nie.

Dave Dyason en Ismail Ayob is hulle opdraggewende (20) prokureurs in hierdie saak? -- Ja.

Hoe is vir jou gesê deur hierdie man in watter opsig, in watter tipe sake moet hierdie prokureurs genader word of kan hulle genader word? -- Nee, hy het nie spesifiek gesê in watter tipe saak die mense hierdie prokureurs moet raadpleeg nie, maar al wat hy gesê het was as daar mense is wat prokureurs soek, hier is die besonderhede van die prokureurs. Dus, wat ek sou gedoen het, as n persoon my vra van n prokureur, sou ek net vir daardie persoon die besonderhede gegee het van die prokureur en gesê het (30)

"Dit/...

"Dit is die persoon wat jy kan raadpleeg."

Hier word h sosiale werker genoem op hierdie dokument. Ene Gale Cutts. Weet jy waar sy is? Waar haar kantore is en waar sy werk? -- Ek ken nie eers die persoon nie.

Weet jy hoekom h sosiale werker se naam op hierdie dokument voorkom en beskikbaar gestel word as h kontakpersoon? -- Ek weet glad nie hoe dit bestaan het dat daar so h dokument opgestel was nie. Dit is aan my net gegee om hierdie inligting aan mense te gee wat hulp nodig het. Dus sal ek nie kan sê nie. (10)

Weet u in watter sin h sosiale werker se hulp verkry sal kan word? -- Ja, ek weet.

Sê vir die Hof? -- Al wat ek vir u kan sê is, ek weet wat die "social worker" se werk is, waaroor dit gaan. Dit is al wat ek sê, ek weet.

Kom ons gaan terug na AN15(vii) toe. Die res van daardie pamflet, jy sê nou die eerste deel, daardie "Notices" wat ons hier behandel het, het jy eintlik niks van geweet nie? -- Ja.

So, neem ek aan, jy sal ons dan ook nie kan help om(20) vir ons te sê wat beteken punt 3 daar nie "At Roman Catholic Church Small Farms" in watter sin dit gebruik word nie? -- Ja, ek weet nie, want vir my lees dit dieselfde soos nommer 1 daar onder kennisgewings.

Die res van daardie pamflet, BEWYSSTUK AN15(vii), is dit in ooreenstemming met wat julle bespreek het daar op die vergadering van 4 September 1984? -- Ja.

En daaroor het julle ook almal eenstemmigheid bereik op daardie vergadering van 4 September 1984? -- Ja.

Met ander woorde, dan is dit jou en ERPA se siening (30)

ook - ek wil vir jou lees daardie tweede paragraaf na daardie "Vaal Civic Association says to you". "The organisations would like to emphasise that they support community struggles in general." Dit is dan onderstreep en bevestig deur ERPA en jouself? -- Ja.

Veral in "Especially in 1.3 decreasing the rent"? -- Ja.

En dit is wat ERPA ook gedoen het daar in die Vaal Driehoek om deel te neem in die gemeenskapstryd teen - en ter verkryging van die vermindering van die huur? -- Nee.

Hoe dan? Dit is dan wat julle daar besluit het en (10) dit is wat julle ondersteun het? -- Die dag toe ons hierdie pamflet daar bespreek het, was dit so gewees, ja, maar nie voor dit nie. Evaton Ratepayers Association het nie daardie houding gehad nie.

Na watter stryd van die gemeenskap in algemeen wat hierdie ding insluit, het jy na verwys wat julle "support", wat julle steun? -- Die posisie is dat die stryd bestaan het hy VCA se mense aangaande die verhoogde huur wat daar was. Ons het h stryd gehad van permitte en die oornam van ons grond. Dit het toe betrekking gehad op Evaton se (20) inwoners.

Jy sien dan punt 3 daar wat ek met jou wil opneem is en veral het julle dan in dié stryd klem gelê en wat jy sê wat julle mee saamstem is "to stop to Lekoa Town Council to function in the Vaal Triangle." -- Dit was die gevoelens van die VCA na aanleiding van die gemeenskap in die Vaal waarvoor VCA jurisdiksie gehad het, dat dit die gevoel was dat die mense van Lekoa Stadsraad moet bedank.

Hier gaan dit verder as net bedank. Hulle moet gestop word om te funksioneer? -- Ja, as hulle bedank het, (30)

beteken/...

beteken dit dat hulle mos gestop het.

En as hulle nou bedank het nie, hulle het geweier om te bedank tot op daardie stadium? -- Ek weet toe nie wat dan verder sou gebeur het nie.

Maar julle het dit mos bespreek? -- My getuienis is dat hierdie pamflet was bedoel om die gemeenskap bymekaar te kry dat ons dit dan bespreek met die gemeenskap dat dit nou die doel was dat die Stadsraad moet bedank. Die bedanking van die Stadsraad van Lekoa sou beteken het dat dit gestop het om te funksioneer en tweedens, die doel van hierdie (10) pamflet was om vrede te bring in die gemeenskap van die Vaal.

Jy ontwyk my vraag. My vraag is direk aan jou. Ek sal dit weer vir jou herhaal. Julle het daarso saam besluit, jy het netnou vir die Hof vertel jy het dit ondersteun hierdie besluit en hierdie besluit wat jy ondersteun het was om dit te stop, nie dat hulle moet bedank nie, dat hulle moet stop van funksionering? -- My verstaan van hierdie ding was dat sodra hulle bedank, dan gaan die Stadsraad stop, want daar sal niemand wees om in die Stadsraad te dien nie. (20) Dus sal dit stop.

En as hulle nie bedank nie, hoe gaan julle hulle dan stop? -- Nee, ons het dit nie daar bespreek nie. Dit is 'n pamflet wat 'n vergadering adverteer. Dit sou van die vergadering, dit wil sê die massavergadering afgehang het wat die besluit is wat daar geneem word na die bespreking as hulle nie bedank nie, wat moet gebeur.

Maar dit word nie hier gesê dit moet bespreek word nie. Hier word gesê dat julle in die organisasies steun die stryd dat die Raad gestop moet word. Dit gaan baie verder as (30)

net/...

net 'n bespreking. -- Ek het aan u verduidelik dat die stryd in Lekoa, dit wil sê die Vaal, is oor huurgelde en ons en Evaton se stryd is oor die permitte. Wat ek verduidelik is dat na die bedanking van die raadslede, sou dit dus beteken het dat die Stadsraad van Lekoa nie meer sal kan funksioneer nie. In daardie sin is die Stadsraad dan gestop. Ek sien nie u punt hoekom u my vra wat sal gebeur as hulle nie stop nie. Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie.

Nie stop nie, nie bedank nie? -- Dit is reg. Dit is eintlik wat by my as 'n vraag staan nou, wat wil u hê moet (10) ek sê wat sal gebeur as hulle nou nie bedank het nie?

Ek vra jou mos 'n eenvoudige vraag. Verstaan jy nie die vraag nie? Ek vra as hulle dan sou weier om te bedank, hoe sou julle organisasies hulle gestop het? -- Nee, nee, nee, u moet verstaan, hierdie is 'n pamflet en daar was nog nie bespreek wat gedoen moet word as hulle nie bedank nie. Dit sou afgehang het na aanleiding van wat nou plaasgevind het by die vergadering na die beroep dat hulle moet bedank, as hulle nie bedank nie, wat die vergadering besluit.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig, julle streef (20) nou na vrede, soos jy dit hierso baie beklemtoon het in hierdie hof. Is dit reg? -- Watter dinge praat u nou van?

HOF : Die geleerde advokaat sê u het beklemtoon dat u na vrede streef. Is dit reg of nie? -- Ja, dit is reg.

MNR. JACOBS : Tot op daardie stadium wat julle nou hierdie vergadering gehou het op 4 September, was die stryd reeds aangeknoop met die raadslede dat hulle moes bedank. Is dit reg? -- Ek sal dit nie weet of dit alreeds bestaan het nie, want u sal moet onthou hierdie keer is dit nou 'n vergadering van twee organisasies wat te doene het met verskillende (30)

griewe/...

griewe van die mense. So, ek sal nie op hoogte kan wees van wat die beroep destyds was nie.

Is jy regtig eerlik nou dat jy vir die Hof wil sê jy het nie geweet dat die stryd was dat raadslede moet bedank nie, dat dit een van die eise was nie? -- Nee, u moet dit so verstaan. As mense van Evaton wou gehad het dat die raadslede moet bedank, het dit net betrekking op hulle en hulle het hulle eie manier om dit te doen en hoekom dit so moet wees. Dieselfde geld vir die mense wat onder Lekoa Stadsraad geval het. Dit is vir hulle om te besluit wat (10) hulle wou gehad het en hoekom dit so moet wees. Dit wil sê ons het geen seggenskap daaromtrent nie.

Jy kan my antwoord baie maklik met 'n ja of nee. Was tot op die 4de - kom ons vat dit makliker, tot op die 3de toe die onrus uitgebreek het, die onluste uitgebreek het, dit in die Vaal Driehoek 'n strydpunt gewees dat die raadslede moes bedank? Ja of nee. -- Die stryd het maar daar bestaan oor die griewe van die mense en die omstandighede waaronder dit gebeur het, maar die beroep dat die raadslede of die Stadsraad van die Vaal moet bedank, was maar 'n ding (20) in die algemeen orals daar, dat hulle moet bedank.

So, dit was 'n oproep gewees, hulle moes bedank? -- Ja, dit was 'n beroep in Evaton gewees dat die raadslede moet bedank.

Was dit 'n beroep in die Vaal Driehoek of was dit op verskeie vergaderings, stem jy saam, en algemeen in die gebied gesê dat die raadslede is verantwoordelik vir die armoede van die inwoners van die Vaal der verhoogde belastings of fooie? -- Indien ek antwoord en sê dit was die beroep in die gebiede van Sebokeng, dan sal dit nie korrek wees (30)

nie/...

nie, want ek het nog nooit 'n vergadering bygewoon in daardie gebiede nie. Die enigste vergaderings wat ek bygewoon het waar hierdie beroepe gemaak was, was in Evaton. Ten opsigte van Evaton, ja, daar was so 'n beroep gewees.

En algemeen in die woongebiede, afgesien van die vergaderings, was dit nie ook daar gesê dat die raadslede is verantwoordelik vir die griewe van die mense nie? Was dit nie die algemene gevoel nie? -- Ek wil nie namens mense van Sebokeng praat nie. Ek praat namens die mense van Evaton. Daar was 'n beroep gewees sedert die tyd wat ek ook self (10) in die Raad gedien het dat raadslede moet bedank.

Maar dit is 'n vraag wat ek netnou al gevra het wat jy nou eers antwoord. Jy het nou weer agtergeraak met my vraag, want ek vra vir jou was die raadslede nie in die algemeen geblameer vir die griewe van die mense nie? -- In Evaton, ja in die algemeen.

En was hulle nie algemeen daar beskou as "puppets" van die Regering wat teen die belange van die inwoners werk nie? -- In Evaton, ja, is dit so.

En in die ander gebiede daar? Het jy nooit in die (20) ander gebiede gekom in Sebokeng en daardie nie?-- Ek was nog nie by 'n vergadering gewees by daardie gebiede nie.

Ek praat in die algemeen in Sebokeng? -- Ek sê so.

Kom ons gaan net aan 'n stap verder.

HOF : Wat beteken die antwoord nou? -- Daarby bedoel ek dat aangesien ek nog nie by 'n vergadering was in Sebokeng nie, sal ek gevolglik nie oor die algemeen weet wat die gevoel is van die gemeenskap daar nie.

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem dat ten minste dan in Evaton en ek stel dit ook aan jou in die hele gebied was daarso (30)

h antagonisme opgebou teen die raadslede omdat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U vra nou h dubbele vraag. Die getuie het vir u gesê hy is nie bereid om te praat oor Sebokeng nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dan net op Evaton dit vra. In Evaton was daar dan antagonisme teen raadslede opgebou? -- Deur wie? Hulle het dit self opgebou dat die mense hulle nie so aanvaar nie.

Was daar antagonisme teen die raadslede, raadseiendom, Administrasieraadseiendom? (10)

HOF : Stadig nou. Laat ons een vir een neem. Raadslede, raadseiendom en Administrasieraadseiendom.

MNR. JACOBS : Ek het net gedink om h bietjie vinniger te vat, maar kon ons vat dit teen raadslede? --Nie waarvan ek bewus geword het nie.

HOF : Was daar nie in Evaton antagonisme teen raadslede nie? -- Ek het nie opgelet nie.

MNR. JACOBS : Sê jy dit is nie antagonisme as julle sê hy moet bedank nie? -- Dit is nie h kwessie van dat die mense die raadslede gehaat het om hulle te versoek dat hulle moet (20) bedank nie.

Was dit nie van jou kant ook self antagonisme teenoor raadslede om te sê hulle is "puppets" van die Regering wat teen die wil van die mense werk nie? -- Ek noem hulle die "puppets" as gevolg van hulle doen en late.

Omdat jy antagonisties, vyandiggesind is teenoor hulle? -- Nee, dit is nie so nie. Byvoorbeeld, u staan nou daar as h adjunk prokureur-generaal. As ek sê u is h adjunk prokureur-generaal is daar niks mee verkeerd nie. Dit is presies dieselfde wat geld vir hierdie mense. Dit is (30)

hoe/...

hoe hulle beskou was. Met die gevolg, daar was niks daarmee verkeerd nie.

HOF : Wel, is dit nie h bietjie anders om iemand h "puppet" te noem as h adjunk prokureur-generaal nie? -- Nee, daar is nie h verskil nie. My beskrywing van h "puppet" is net so goed soos h pop. As h mens die pop hierdie kant toe trek, beweeg dit hierdie kant toe en trek jy hom daardie kant toe, beweeg dit weer na daardie kant toe. So, daar is nie h verskil nie.

MNR. JACOBS : Ek wil aangaan en ek wil dit aan jou stel (10) op 3 September 1984 het daar h opstand gekom teen die mense en is raadslede aangeval en doodgemaak? Stem jy saam met wat ek aan jou gestel het? -- Nee, ek stem nie saam nie, want ek het dit nie beseef nie.'

K601

So, Liphoko, h raadslid van Evaton is nie vermoor nie?

-- Ek het daarvan gehoor dat Liphoko oorlede is.

Het hy sommer in sy slaap heengegaan? -- Nee, ek het verneem dat hy beseer was as gevolg waarvan hy later oorlede is.

Stem jy saam dat raadslede se eiendomme, huise en motors (20) en besighede is aangeval en verbrand en beroof? -- Ek stem saam dat dit so gebeur het, maar dit was nie net die raadslede nie. Selfs die Indiërs en ander winkeleienaars wat nie op die Raad dien nie, se eiendomme was ook op dieselfde manier beskadig.

En stem jy saam dat eiendom van die Administrasieraad was aangeval en beskadig en vernietig in brande? -- Nee. nie met uitsondering nie. In die algemeen was daar skade aangerig teen al die mense wat skade aangedoen was. Ek kan nie sê met uitsondering die Raad se eiendom nie. (30)

Ek/...

Ek sê nie met uitsondering nie. Ek vra was daar aanvalle geloods op Raadseiendom, wat dit vernietig en beskadig? -- Ja, dit is reg.

Skole was ook aangeval en aan die brand gesteek? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

En dat busse wat daardie dag van die 3de geloop het, was met klippe gegooi en beskadig? -- Ek weet nie daarvan nie.

Sal jy saamstem dat die hele moeilikheid daar in die Vaal was die kwessie van huur 'n groot faktor wat die raadslede opgesit het? -- Nee, ek stem nie saam nie. Ek kan (10) nie die verband sien daar nie.

Kan jy vir ons sê wat was die oorsaak van hierdie onluste gewees?

MR BIZOS : My Lord, is this sort of question permissible?

COURT : It might. If it eventually leads to the wording of the notice AN15(vii) as to his intention, what he knew and what he did not know and why this particular wording was chosen.

MR BIZOS : Well, he has been asked what caused it. I cannot take it any further. He has been asked to express an (20) opinion. I am sure that he will only be too happy to do that, but ... (Court intervenes)

COURT : It does not mean anything as far as the facts are concerned, Mr Bizos. If that is the intention, that it is not permissible. If the idea is to determine what he thought the position was before the pamphlet was drafted, then it is permissible.

MNR. JACOBS : My plan was om terug te kom met hierdie aanloop na punt 3 toe.

HOF : Ja?

(30)

MNR. JACOBS : Wat sê jy dan was die oorsaak van hierdie onluste, as die huur dan nie h oorsaak was, soos jy sê nie?

HOF : Nee, ek wil nie die vraag so geformuleer hê nie.

Wat het u destyds gedink is die oorsaak van die onluste.

Ek wil nie sy huidige opinie hê nie.

MNR. JACOBS : Goed. -- Nee, ek was net verbaas gewees.

Ek het aan geen rede gedink wat die oorsaak daarvan kon gewees het nie.

Kan jy dan vir ons verduidelik, as jy so na vrede gestreef het, terwyl raadslede alreeds aangeval was, raads-(10) eiendom beskadig was, dat julle dan kan h beslissing neem spesifiek soos punt 3 hierso "To stop the Lekoa Town Council to function in the Vaal Triangle"? Hoe versoen jy dit met vrede? -- Behalwe die verduideliking wat ek al vroeër gegee het, dat dit verwag was van die mense dat hulle moet bedank, is dit nie in botsing met die strewe van die persone om vrede te bring met hierdie vergadering nie.

Hoekom het julle dan nie net bloot gesê hulle moet bedank in hierdie pamflet nie? -- Dit is die manier van skrywe wat ons aanvaar het moet aanvaar word op hierdie (20) pamflet. As u daarna kyk, dit verwys nie na raadslede nie. Dit praat van die Raad as geheel. As h persoon praat van die Raad, dit wil sê die Stadsraad en nie h raadslid nie, is dit h groot verskil. Dit verwys nie na h spesifieke persoon nie.

Ek verstaan nie jou antwoord nou nie. Miskien kan jy dit vir my duidelik maak. Regtig ek verstaan dit nie. -- My antwoord is die gebruik van hierdie woord van die Stadsraad is met die doel om te vermy dat h persoon moet sê die mense wat in die Stadsraad dien, moet bedank. Dus praat(30)

ons/...

ons van die Stadsraad wat moet bedank.

Maar jy het gekom met die storie dat hulle moet uiteinde-lik bedank, dit is eintlik wat julle wou gehad het, dit is hoe dat julle hulle gaan stop? -- My antwoord verduidelik die volgende. Ons het hier gebruik gemaak van die Stadsraad doelbewus omdat ons nie wou gebruik gemaak het h raadslid waar daar later verwys kan word na h spesifieke persoon nie. Dit is hoekom ons dit in die algemeen gebruik het.

HOF : Is die rede waarom u die terme "Stadsraad" gebruik het nie omdat u dit gehad het teen die instelling as (10) sulks en nie teen die funksionariesse as sulks nie? -- Ons gebruik van hierdie woord die "Stadsraad" was met die oog daarop om te vermy dat ons nou direk sê die raadslede moet bedank, want dan verwys dit na persone.

MNR. JACOBS : Stem jy saam met my dat hierdie omstandighede om weer die huur aan te bring, die klagtes oor permitte aan te bring, die klagtes van Evaton se sake te bring en om die Raad te stop, is nie versoenbaar met mense wat vrede wil maak nie, maar in werklikheid mense wat die stryd wil voort- sit? -- Dit is nie so nie. (20)

Want jy het self vir die Hof gesê julle wou gehad het die mense moet op daardie vergadering weer gaan bespreek wat se stappe moet julle doen om hierdie Stadsraad te stop? -- Nee, dit is nie so nie. Die vergadering was daar bymekaar geroep met die oog daarop dat die mense die vergadering moet bywoon sodat die inwoners bewus kan word, dit is die inwoners van die Vaal as geheel, dat ons is bewus van hulle probleme, dit geniet aandag en om hulle ook te versoek om op te hou met dit wat hulle doen, dit wil sê vrede te bring in die sin dat hulle nou onder die indruk sal wees en (30)

verstaan/...

verstaan dat hulle probleme aandag geniet. Met die gevolg om hulle te oorreed om nie verder aan te gaan met die probleme wat alreeds bestaan het nie.

In hierdie kennisgewing AN15(vii) rig julle ook 'n spesiale uitnodiging hierso, hy word by die naam genoem aan die jeug, die kinders om die vergadering te kom bywoon en besprekings saam met julle te kom voer oor hoe dat Lekoa Town Council gestop moet word, onder andere? -- Dit is nie eintlik iets snaaks dat daar verwys word na die jeug nie, want wat ons betref, alles wat gedoen word daar sluit (10) die jeug in. Die beroep wat gemaak word het betrekking op die jeug ook. So, dit is bedoel vir almal.

Maar die jeug word hier spesifiek by die naam genoem. Julle het nie gesê "citizens" of inwoners of iets van die aard, kom na die vergadering nie, maar hulle word gespesifiseer hulle moet daar wees, kinders?

MR TIP : The passage in fact begins with the word "Residents", which I understand to be "inwoners".

MNR. JACOBS : Goed, ek sal hom so verander. Dit is nie net beperk tot inwoners gewees nie of so iets nie, maar die (20) kinders word spesifiek uitgesonder en by name genoem, kinders? -- As u na die ding kyk, die eerste woord daar praat van die inwoners. Die inwoners met verwysing na die volgende, dan word daar 'n beskrywing gegee van die inwoners, wie hulle almal is waarna as inwoners verwys word.

Kan jy vir die Hof vertel - ek lees dit nie so nie, want hier is nie 'n beskrywing nie, dit is kommas na elkeen, hoe kan jy nou sê dit word ingesluit daarin as hy spesifiek uitgesonder word? -- By die Sothogedeelte, kan u net vir my beduie waar om dit te kry. (30)

HOF : Onder "Pitso kopano." -- Ek het dit al gekry. My antwoord is, selfs as ek dit Sotho lees, praat dit van "bahagi" wat beteken die inwoners en dan noem die persoon sy beskrywing van die inwoners as die persone na wie hy verwys as inwoners. Met ander woorde, in die algemeen bedoel hy dat hy met inwoners bedoel al hierdie mense wat hy na verwys is die inwoners wat genooi word.

Wat sou jy sê, is pensioenarisse dan nie genooi na die vergadering toe nie? -- U sal dit seker verstaan. Ons het onderwysers in daardie woonbuurt, ons het predikante in (10) daardie woonbuurt, maar daar word nie spesifiek gesê die onderwysers en predikante nie. Dit wil sê die skrywer hiervan het dit goed gesien om 'n voorbeeld te gee van die paar wat hy genoem het na die inwoners.

MNR. JACOBS : Wat van die duisende werkloos waarvan ons al so baie van gehoor het in die saak? -- Hulle is ook maar 'n gedeelte van die inwoners. As daar nou 'n beroep gedoen word op die inwoners dat daar 'n vergadering gehou gaan word en hulle is daarvan bewus, sal hulle natuurlik na die vergadering toe gaan sonder om te sê ek is een van die mense wat aan (20) werklose mense behoort.

Op hierdie uitnodiging, was dit dan nie beter gewees dat kinders uitgesluit sou gewees het by grootmense se dinge nie, by dinge soos die vermindering van huur, die opheffing van permitte, om die Town Council van Lekoa te stop funksioneer? -- Nee, nee, ek weet nie wat is u beskrywing van kinders nie, maar partykeer vind jy dat die kinders verantwoordelik is vir die gesin waar die kind nou 'n permit of inwoningsfooie betaal en daarvoor werk. So, die persoon is geregtig om by die vergadering te wees. (30)

Wat is jou omskrywing van kinders dan? Laat ons hoor?

-- 18 plus.

Goed, h persoon van 18 plus wat self werk, is mos h werker? -- Hy is h werker wat h kind is by die huis.

h Man van 50 jaar, as sy ouers nog leef, is hy ook h kind by sy ouers wat ouer as dit is, is dit nie? -- Ja, u is reg, maar h 18-jarige wat saam met die ouers woon in h huis en wat huurgelde betaal, is geregtig om te weet wat gesê word van die huurgeld wat hy betaal, al is hy bekend as h kind in die gesin. (10)

Kom ons stel dit makliker. Die kinders wat julle hier bedoel is die lede van COSAS en die lede van die Vaal Youth Congress en as daar lede van AZASUM is, ook hulle? -- Ek praat hier van kinders van die ouderdom van 18 jaar plus.

En ek praat ook van daardie kinders wat skoolgaan en wat behoort aan COSAS, 18 plus? Dié wat nie meer skoolgaan nie in die Vaal Youth Congress of AZASUM? -- Ja, u is reg. Was dit miskien die bedoeling gewees om sulke kinders te nooi, sou hy na hulle verwys het as lede van daardie organisasies. (20)

Sê u daar is nie sulke organisasies in die Vaal nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Het jy nooit gehoor van h COSAS organisasie in die Vaal nie? -- Nee.

Nooit gehoor van Vaal Youth Congress wat bestaan in die Vaal Driehoek in die Vaal woonbuurtes nie? -- Nee.

Is jy baie eerlik? -- Ja, ek is baie, baie eerlik. Wat ek sê is, ek het al gehoor van die bestaan van COSAS, maar dat daar COSAS bestaan het in die Vaal, weet ek nie. Wat die Vaal Youth Congress betref, weet ek glad nie van nie. (30)

En/...

En AZASUM?

TOLK : AZASUM of AZASO?

MNR. JACOBS : Vat altwee? -- Ja, van die lees van die koe-rante as ek reg onthou het ek gelees van AZASUM.

In die Vaal? -- Nee, dit sal ek nie weet nie.

En van AZASO? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

In die Vaal? -- Waar ook al.

Wanneer is die eerste keer wat jy nou gehoor het dat daar COSAS en hierdie Vaal Youth Congress en hierdie ander organisasies bestaan het en dat hulle moontlik in die Vaal lede gehad het wat daar gefunksioneer het? (10)

HOF : Dit is twee dinge. Wil u nou weet ten aansien van die Vaal of wil u nou weet in die algemeen?

MNR. JACOBS : Nee, in die Vaal.

HOF : Beperk u vraag dan net tot die Vaal.

MNR. JACOBS : Wanneer het u vir die eerste keer te hore gekom dat daar lede van COSAS, AZASUM of AZASO of Vaal Youth Congress, al vier daardie organisasies moontlik in die Vaal Driehoek was en wat gefunksioneer het daar? -- Ek het nog nie gehoor nie. (20)

Is dit nou die eerste keer as ons hier in die hof daarvan praat dat jy daarvan hoor nou? -- Ja.

Ek wil dit aan jou stel jy vertel nou h infame leuen vir die Hof. Jy moes al daarvan gehoor het. -- Ek vertel die waarheid.

Ken jy h ding soos Detainees Parents Support Committee? -- ja, ek het daarvan gehoor.

Het jy enige van hulle dokumente in jou besit gehad? -- Ja, ek het.

Onder andere BEWYSSTUK AS3. Dit is by jou gevind? (30)

Ja/...

-- Ja.

Ek neem as jy so 'n dokument het, het jy hom tog seker gelees? -- Ja, ek het dit deurgeblaai.

En gelees? Moet nou nie laat ons speletjies speel nie. Jy het hom gelees? -- Nee, ek het dit nie gelees nie, ek het dit net deurgeblaai. Dit is wat ek sê.

Wat het jy met die dokument gemaak dat jy hom in jou besit het. Hoekom het jy hom gekry? -- Ek het al vroeër gesê dat daar 'n hele aantal mense by my aangedoen het en van die mense het dokumente by hulle gehad. Ek het (10) partykeer die mense gevra om vir my afskrifte daarvan te gee en met dit het hulle dit daar by my gelaat. As ek tyd het, het ek so 'n bietjie deurgeblaai om te sien wat die inhoud daarvan was.

Maar hierdie is mos, veral vir jou, met jou politieke agtergrond, 'n baie belangrike dokument om te hê want dit vertel mos van die mense wat gearresteer orals vir politieke redes? -- Nee, kyk, wat ek kan sê is, ek is nie 'n persoon met 'n goeie loopbaan in die politiek soos u dit nou beskryf nie. Ek het daar net te doene gehad met die mense wat in (20) die onluste toevallig gearresteer was.

Kom ons vat dit maar, dit is mos 'n belangrike ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het u nie gekyk of daar vriende op die lys is nie? -- Nee, want ek het nog nie eers gehoor dat daar een van my vriende miskien in hegtenis geneem is nie.

MNR. JACOBS : Maar dit is belangrik, hier word dit mos gegee van mense wat in die Vaal gearresteer is? -- Afhangende van die persoon wat dit vir homself belangrik vind, ja.

Het jy dit nie belangrik gevind om te weet wie is (30)

in/...

in die Vaal met wie jy saam beweeg het gearresteer nie? --
Nee, by my organisasie is ek die enigste een wat in hegtenis
geneem was.

Jy was nie daardie tyd in hegtenis geneem nie? -- Daar
was nooit vantevore iemand gewees wat in hegtenis geneem
was van my organisasie nie.

En hierdie dokument is gedateer 16 November 1984 en die
opskrif is "Special Interim Report on Detentions. Statistics
as at 16 November 1984." Hy het verskillende hoofde. Dan
sê hulle daar (A) is "Detentions by area", (B) "Detentions(10)
by activity", (C) "Fate of detainees", (D) "Persons still
in detention", (E) "Onslaught against trade unions",
(F) "Onslaught against UDF", (G) "Onslaught against COSAS",
(H) "Onslaught against civic associations", (I) "Statement
on detention statistics discrepancies." Dit is die voorblad
van die dokument. Ek wil jou net na 'n paar plekke in die
dokument verwys. Daar staan op bladsy 4. Net vir interes-
santheid, die eerste naam wat ek jou na wil verwys .. (Hof
kom tussenbei)

HOF : Gee vir ons die datum? (20)

MNR. JACOBS : 2 Oktober 1984 "Nkoli Simon." Dit is beskul-
digde nr. 13, nê? -- Ja, daar is iemand met so 'n naam in
hierdie saak.

Hy is 'n lid van DPSC? Dit is seker hierdie selfde
organisasie wat die dokument uitgee, Detainees Parents
Support Committee? -- Nee, ek ken hom nie as 'n lid van hierdie
DPSC nie.

En dan word daar ook gegee South African Institute
Race Relations. Het hy ook aan daardie organisasie behoort?
-- Nee, ek ken hom nie in daardie organisasies nie. (30)

En/...

En dan net daardie ander een Malindi Gcinumuzi, beskuldigde nr. 5. Is dit reg? Hy is van die Vaal en is n lid van die Vaal Civic Association? -- Ja, dit verskyn so hierso.

So, hulle was altwee gearresteer op 2 Oktober 1984, maar wat belangrik is, as jy kyk n bietjie onder toe by die datum van 4 Oktober 1984. Daar is n Richard Bokoa van die Vaal. Hy is van die "executive" van COSAS in die Vaal?

MR TIP : With respect, the statement that that is COSAS in the Vaal is an inference drawn from the place apparently of detention. It does not say COSAS Vaal. (10)

COURT : Is it the place where arrested or the place where detained?

MR TIP : As I understand the document.

COURT : I do not know the document at all. Wat sê u, mnr. Jacobs, wat bedoel "place"?

MNR. JACOBS : Dit is waar hy vandaan kom.

HOF : Of is dit waar hy aangehou word?

MNR. JACOBS : Nee, waar hy vandaan kom, want as u kyk ook na die ander, as n mens byvoorbeeld bladsy 3 vat ... (Hof kom tussenbei) (20)

HOF : Wel, is dit nie "detentions by area" nie?

MNR. JACOBS : Dit is die area waarvandaan hy kom. As n mens die ding in sy geheel lees en in sy geheel deurkyk, dan die verskillende plekke waar die mense vandaan kom, word dan gegee as die "place".

HOF : Laat ek net die ding vir myself uitsorteer, asseblief. Dit is D. D word gesê is "Persons still in detention." Dit is nie "by area" nie, lyk dit vir my. Die eerste drie, "Detentions by area, By activity and Fate of Detainees" is net getalle. Dit is nie name nie. (30)

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Dan D is persone wat in aanhouding is en dit word nie gesê of hulle in aanhouding is op die plek wat genoem is en of hulle gearresteer is op die plek en of dit hulle woonplek is waar hulle vandaan kom nie.

MNR. JACOBS : Ja, dit is meer 'n klassifikasie van, soos hulle dit daar het "scholars, students, teachers" en ook weer net getalle vir die twee jare, 1984 en 1983.

HOF : U kan maar vir die getuie sê u maak hierdie afleiding. Ek is nie so seker of die afleiding korrek is dat dit die (10) uitvoerende bestuur van COSAS in die Vaal is nie. Die moontlikheid is dat hier net gesê word hy is op die uitvoerende komitee van Vaal COSAS en dat hy òf gearresteer is in die Vaal òf dat hy aangehou word in die Vaal.

MR BIZOS : Or he may be a member of the area or national executive of COSAS.

HOF : Of woon in die Vaal en op die uitvoerende bestuur van die algemene uitvoerende bestuur van COSAS. U kan miskien ander voorbeelde kry, maar in elk geval, wat stel u nou aan die getuie? (20)

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan hom dat hy van COSAS is in die Vaal, wat daar gearresteer is op 4 Oktober 1984.

HOF : Wil u enige kommentaar daarop lewer? -- Ek weet niks daarvan nie.

MNR. JACOBS : Maar jy het tog seker hierdie ding gelees toe jy dit gekry het en waar jy so deur hom geblaai het, het jy tog seker gekyk na die mense van die Vaal wat daar gearresteer is?-- Ja, ek het na die name gekyk.

En toe kon jy gesien het dat daar is mense wat genoem word van die Vaal wat aan COSAS behoort? -- Nee, ek het (30)

dit/...

dit nie opgelet nie.

Dan as jy kyk onder 5 Oktober 1984. Daar is Ngcewa Tami ook van die Vaal. Daar word hy aangegee as die vise-president van AZASUM? -- Ek ken hom nie.

Maar dit is 'n aanduiding dat daar AZASUM mense in die Vaal is, so 'n organisasie? -- Ek weet nie.

Nog ses ondertoe is Mgwenya George. Die eerste item onder 8 Oktober 1984. Dit is ook 'n persoon van die Vaal. Nog 'n keer 'n student en 'n "member" van AZASUM? -- Ek ken hom nie. (10)

Ons kan hulle daar onder mekaar vat, hulle is drie vanaf 10 Mgwenya, Khobo Martin en Mkwanzazi Gladstone, al drie van die Vaal en al drie lede van AZASUM? -- Ek weet glad nie daarvan nie.

Toe jy hierdie dokument gekry het en daarin gekyk het, moes jy tog gesien het dat hierdie organisasies het mense daar in die Vaal? -- Ek het net gekyk na "place" en dan kyk ek na die Vaal. Wat verder daar gesê word het ek nie veel verdere aandag aan gegee nie.

Ek wil net met jou gaan na die volgende bladsy, bladsy(20) 5 onder die datum van 16 Oktober 1984, verskyn daar die naam Ramokonopi Meshack van die Vaal en dit word aangedui dat hy lid van COSAS is? -- Ek ken nie die persoon nie.

Jy moes tog gesien het daar word agter sy naam gegee dat hy van die Vaal is en dat hy COSAS is? -- Eintlik het ek belang gestel om te sien hoeveel mense van die Vaal daar is maar wie hulle was en aan wie hulle in die Vaal behoort het ek nie in belang gestel nie.

Dit is 'n baie eienaardige stelling.

MR BIZOS : My Lord, I am sorry to interrupt the cross- (30)
examination/...

examination. It started off with an accusation of the witness having told an infamous lie, based upon, I submit with the greatest respect, not an entirely proper understanding of a document and interpretations which the prosecutor wants to place on it. I would appeal to Your Lordship to direct the prosecutor not to use that sort of exaggerated language, unless or until what he considers to be an untruth has been clearly proved. I am sure as an officer of the court he may want to say something to the witness.

MNR. JACOBS : Ek kan my afleiding maak en dit aan hom (10) stel. Hy kan dit ontken.

HOF : Wel, is dit nie beter dat ek uiteindelik en my assessor n bevinding maak aan die einde van die saak of iemand n leuenaar is of nie? Eerder as dat u kommentaar lewer dat iemand n leuenaar is of nie?

MNR. JACOBS : Ek sal my weerhou daarvan.

HOF : U kan net eenvoudig vir hom sê hy maak n fout.

MNR. JACOBS : Ek wil gaan na 18 Oktober 1984. Daar verskyn die naam van David Mphuthi, beskuldigde nr. 7 van die Vaal en interessant genoeg hy word genoem as n lid van UDF en (20) lid van Sebokeng Civic Association? -- Ja, ek sien dit hier.

Dit het u seker ook opgemerk toe u die dokument gekry het en dit gelees het? -- Ek het dit nie gesien nie. Het ek dit raakgesien sou ek miskien vir hom gevra het in watter opsig hy n lid is van die UDF.

Hoe sou jy dit reggekry het, want hierdie dokument is uitgegee op 16 November 1984 en hy is reeds gearresteer op 18 Oktober 1984? -- Wat ek sê is, hy was alreeds in hegtenis gewees volgens hierdie dokument. Het ek dit raakgesien toe ek die dokument deurgeblaai het, toe ons nou (30)

bymekaar/...

bymekaar gekom het waar hy nou staan as n mede-beskuldigde van my, sou ek hom daarvoor gevra het hoe hy n lid geword het, maar aangesien ek geen inligting daaromtrent gehad het nie, het ek tot vandag toe hom nog nie daaromtrent gevra nie.

Is dit nie omdat jy wel geweet het wat hy is en dat dit nie nodig was om te vra nie? -- Hy is aan my bekend as n lid van VCA, nie van UDF nie.

En ek neem aan toe jy hierdie dokument gekry het, en jy sy naam daar gesien het, toe moes jy nou gesien het hier is een van die manne wat saam met my was by verskil-(10) lende geleenthede, onder andere die vergadering van 4 September 1984? -- Alvorens ek hierdie dokument gekry het, was ek al daarvan bewus dat hy in hegtenis geneem was.

Jy wou tog seker gesien het waaroor is hy in hegtenis geneem, want hier word dit aangemeld in die dokument? -- Nee, ek wou nie. Al waarvan ek geweet het was dat hy in hegtenis geneem was omtrent artikel 29. Dit is al wat ek geweet het.

Net die volgende naam op 18 Oktober 1984 was Alfred Mokoena daarso gearresteer. Hy is van die Vaal onder die (20) Veiligheidswetgewing en word aangegee dat ook hy was n lid van Sebokeng Civic Association en UDF? -- Ek ken daardie persoon glad nie.

Die volgende naam wat daar voorkom is op 18 Oktober 1984 Peter Seale van die Vaal onder die Veiligheidswetgewing aangehou, artikel 29. -- Ek dra geen kennis van hom nie.

Op 18 Oktober 1984 weer net een naam oorslaan dan is daar Masetle Ramatibele, hy is van die Vaal en lid van COSAS daar? -- Kyk, u lees nou die name vir my hierso. Ek het niks te doene gehad met die persone vantevore nie. Was (30)

dit/...

dit miskien die Evaton Ratepayers Association se mense dan kon ek kommentaar daaromtrent gelewer het, maar hierdie mense het ek niks mee te doene gehad vantevore nie.

Ons gaan h bietjie aan en dan sien ons daar op 21 Oktober 1984 beskuldigde nr. 3 se naam Geoff Moselane, Sharpeville, h predikant, h Anglican Priest was aangehou. Dit is beskuldigde nr. 3, nê? -- Ja, ek het hom in September 1984 leer ken.

Waar het jy hom leer ken? -- Met die stigting van Ministers Solidarity Group in voorbereiding van die (10) begrafnisse wat gehou sou word op die 15de. Dit is 15 September 1984.

Net na hom gaan ons aan en dan slaan ons een naam oor. Dan kom ons by Elias Katatsu wat gearresteer is op 23 Oktober 1984. Hy is van die Vaal en hy is h lid van COSAS daarso? -- Ek ken nie die persoon nie.

Op 23 Oktober 1984 die volgende man is Johannes Tshabalala van die Vaal en h lid van COSAS wat gearresteer is? -- Ek ken hom nie.

23 Oktober 1984 Jacob Masangane, hy is van die Vaal (20) en hy is daar lid van COSAS? -- Ek ken hom ook nie.

Daar is nog ander name, maar ek het net gekonsentreer op dié van COSAS wat van die Vaal af kom. Ek wil dit aan jou stel dat toe jy hierdie dokument gelees het, moes jy gesien het dat hier is mense van die Vaal gearresteer wat lid is van COSAS en toe moes jy geweet het van COSAS in die Vaal en van AZASUM? -- Ek het nie spesifiek daarna opgelet by watter organisasies die mense aan behoort het nie. Al waarin ek belang gestel het, was om te sien hoeveel mense in getal, of dit h groot getal was van die Vaal, in (30)

hegtenis/...

hegtenis geneem was.

Waar het jy dit gekry? Het jy dit opgetel, die name deurgegaan en Vaal getel of hoe het jy dit gekry? -- As jy die ding deurblaai, die bladsye wys vir jou die plek, dan sien jy Vaal, Vaal, Vaal. So, jy tel net hoeveel keer het jy Vaal gesien daar.

En as jy hierdie Vaal tel, kan jy mos sien daar voor jou wie is die mense en watter organisasie hy van is? -- Nee, dit sou my tyd gemors het. Ek kon dit makliker vasgestel het. Ek kyk net na die Vaal en tel hoeveel keer het ek Vaal (10) gesien, dan weet ek.

As 'n persoon van 'n organisasie, sê nou maar die Vaal Youth Congress doodgaan in onluste of enige ander ding, is die algemene gebruik nie onder die organisasies in die verskillende woongebiede en ook in die Vaal dat so 'n organisasie dan beheer oorneem van sy begrafnis nie? -- Ek weet nie wat betref hierdie organisasies nie, maar wat ek wel van weet, byvoorbeeld 'n sokkerspan, as iemand oorlede is van die span wat daar bestaan, sal daardie mense dan deelneem aan die begraving van die lid. Met ander woorde, dit sal (20) vergesel word van verskillende spanne in "teams", wat dan ook hulle klere sal aantrek om hulle deel by te dra by die persoon wat begrawe word.

Maar ek vra ongelukkig nou nie vir jou van sokkerspelers nie. Ek vra spesifiek van organisasies en ek wil dit vir jou stel dit is wat gebeur dat wanneer 'n lid van 'n organisasie soos COSAS, Vaal Youth Congress, enigeen van hulle, in onluste of ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U moet dit nou beperk. Organisasies kan baie wyd wees. Praat u van politieke organisasies? (30)

MNR. JACOBS : Ja, soos COSAS en Vaal Youth Congress. Ek sal my beperk by daardie twee net sodat ons nie verwarring kry nie. -- Wel, ek was nog nie by 'n begrafnis gewees waar die oorledene 'n lid is van een van die twee wat u genoem het nie.

En ek wil vir jou dit so stel dat Joseph Sithole, wie se begrafnis jy die voorsitter van was, was in beheer van die Vaal Youth Congress?

HOF : Dit is nou agterstevoor gestel. Bedoel u om te sê dat die Vaal Youth Congress die begrafnis gereël het? (10)

MNR. JACOBS : En in beheer was daarvan. -- Wat my betref, McCamel, die voorsitter van die mense, die komitee wat gestig was vir die begrafnis van hierdie mense, was die persoon wat in beheer was en die reëlings getref het.

HOF : Het daardie ding die naam gehad van Solidarity Group? -- Ministers Solidarity Group.

MNR. JACOBS : En ek wil dit ook aan jou stel dat hierdie man is nie een van daardie groep mense wat begrawe was nie. Hy was alleen begrawe op die 23ste - 23 September 1984? -- Dit is heeltemal reg. Hy is op daardie datum begrawe, maar (20) eintlik was hy veronderstel om begrawe te word tesame met die ander mense en dit het toe nie plaasgevind nie. Wat die rede daarvoor was dat hy nie saam met hulle begrawe was nie, sal ek nie kan sê nie.

HOF : Moes hulle almal op 15 September begrawe word? -- Wat ek bedoel is dat die mense van die 15de was begrawe. Daar is mense wat toe nie op die 15de begrawe was nie, wat later begrawe is, maar voor sy datum van die begrafnis, dit wil sê die 23ste. Dit is mense wat begrawe was byvoorbeeld van Sharpeville en ander woonbuurtes. Toe (30)

hulle/...

hulle begrawe is, kon hy nie saam met hulle begrawe word nie. Hy is alleen op die 23ste begrawe. Dit beteken dus dat hy oorlede is na die mense wat op die 15de begrawe was.

Kan ek net duidelikheid kry. Dit is vir my verwarrend. Wanneer is die mense wat op die 15de begrawe is oorlede? -- Die 3de of kort na die 3de is daardie persone oorlede.

En die ander klomp wat nou tussenin begrawe is, tussen die 15de en die 23ste, wanneer is hulle oorlede? -- Hulle is oorlede na dié wat op die 15de begrawe was, alreeds oorlede was. (10)

Maar nog nie begrawe was nie? -- Dit is korrek.

En Joseph Sithole, wanneer is hy oorlede? -- Dit was in daardie week van die 3de. Ek is net nie seker of dit die 8ste was nie, maar daar rond. Net voor of net naby die einde van daardie week is hy oorlede.

MNR. JACOBS : Sal dit 9 September wees? -- Daar rond. Ek is nie seker van die datum nie.

HOF : En is al hierdie mense oorlede as gevolg van die onrus of is hulle op vreedsame wyse oorlede? -- Ek kan nie onthou nie, maar die meerderheid van die mense wat in (20) daardie tyd begrawe was, was oorlede as gevolg van die onluste, maar hy, spesifiek hy, die inligting wat ek gehad het was dat hy deur mense aangerand was as gevolg waarvan hy oorlede is.

As deel van die onrussituasie of sommer toe hy huis toe geloop het een nag? -- Die inligting wat ek het is die volgende. Dat hy gestuur was deur sy tante om koeldrank te gaan koop. Hy het 'n RMC T-hemp aangehad. Met sy aankoms by die winkels of by die koopsentrum, het die mense daar teenwoordig hom toe aangeval. (30)

GETUIE STAAN AF.

HOF/...

HOF VERDAAG.HOF HERVAT.MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eedKRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena,

u het nou genoem van die vergaderings. Ek wil dit net saamvat. 15 September 1984 was daar die massa begrafnis?

-- Ja.

Dan 23 September 1984 was hierdie begrafnis waar jy die voorsitter was? By die begrafnis van Joseph Sithole?

-- Ja, ek was die seremoniemeester.

Was daar nou nog 'n begrafnis op 26 September van (10)
'n sekere Benjamin Khumalo? -- Ek sal nie alles so goed kan weet nie. Al wat ek kan sê is dat daar wel verskeie begrafnisse was wat plaasgevind het in daardie tydperk van die 15de.

Die begrafnis van 15 September 1984, was jy daar teenwoordig? -- Ja.

En soos ons reeds weet jy was die seremoniemeester, om dit so te noem, op die begrafnis van die 23ste en dié een van begrafnis, was hy op hom? -- Ek het nie daardie begrafnis bygewoon nie. (20)

Sal jy saamstem met my dat hierdie begrafnis van 23 September 1984 waar jy die seremoniemeester was, is ook gehou dan onder die banier van die Vaal Youth Congress? -- Nee, wat ek wel van weet is dat persone in beheer van daardie begrafnis was die mense van die Solidarity Group.

HOF : Ministers? -- Ministers Solidarity Group.

MNR. JACOBS : Was daar nie 'n banier van die Vaal Youth Congress nie? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Ons het dit heel aan die begin van jou getuienis met jou behandel, die foto's wat ek vir jou gewys het. Hoe (30)

sê/...

sê jy nou? -- Ek onthou dat ek op daardie foto 'n banier gesien het waarop Vaal Youth Congress geskryf was.

En dit was op daardie begrafnis en dit is die enigste banier wat daar was? -- Nee, ek sal nie sê dit was die enigste banier wat daar was nie. Ek weet nie of daar nog ander was nie.

Het jy ander baniere gesien? -- Ek het nie by hierdie begrafnis 'n banier gesien nie. Die banier wat ek sê daar was, is die een wat u aan my getoon het op die foto. Dit sê ek was daar omdat u dit aan my op die foto getoon het. (10) As daar miskien ander baniere was wat nie op die foto's verskyn het nie, sal ek nie kan sê nie. Dit is hoekom ek sê ek weet nie of daar nog ander was nie.

Ek wil dit aan jou stel dat die begrafnis van die 15de, die massa begrafnis op 15 September, was daar sprekers wat gereël was deur UDF? -- Ek sal nie kan sê of daar 'n spreker was wat van die UDF af gekom het nie, maar wat ek wel kan sê is dat daar organisasies was wat daar betrokke was en hulle het hulleself voorgestel en dus is hulle ook ingesluit met die reëling van die program in die program. (20)

Ek wil dit aan jou stel dat op hierdie begrafnis van die 15de het daar sprekers opgetree - een was van Soweto Civic Association? -- Ek sal nie kan sê of daar een was, al dan nie. Wat ek wel kan sê is dat verskillende persone van verskillende organisasies wat daar teenwoordig was, indien hulle so verkies het om hulle self voor te stel en te sê of versoek dat hulle iets wil sê, was die geleentheid gegee.

Nee, maar hier was genooide gassprekers van Soweto Civic Association. Was daar 'n spreker van Soweto Civic (30)

Association/...

Association? -- Ek kan nie onthou dat daar gassprekers was nie. Wat ek wel kan sê is dat daar was boodskappe oorgedra dat sekere persone h versoek rig om toesprake te maak, hulle is van sekere organisasies.

Kan jy onthou was daar h spreker van FEDSO? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Was daar h spreker van SOYCO op daardie begrafnis? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Was daar h spreker van UDF? -- Ek was die eerste spreker gewees by hierdie vergadering. Na my toespraak het ek (10) die diens verlaat en na buite toe gegaan waar ek voertuie gereël het hoe hulle moet parkeer om toegang te kan gee aan die lykswa. Dus was ek nie in h posisie gewees om die sprekers te sien of te kan identifiseer wat toesprake gelewer het in my afwesigheid nie.

HOF : Hoekom het u heel eerste gepraat? -- Hierdie dood was in Evaton gewees. Dit wil sê die begrafnis was oorspronklik van Evaton. Ek is h inwoner van Evaton. Die doel van my toespraak dat ek aan die begin moes wees, was om die mense daar te verwelkom. (20)

Was die begrafnis uit die Rooms Katolieke Kerk Small Farms? -- Nee, McCamel's Church.

MNR. JACOBS : So, as die man van Evaton moes jy dan iets te doen gehad het met die reëlings van die begrafnis, is dit nie? -- Dit was nie h ding wat bedoel was vir Evaton se inwoners nie. Dit was bedoel vir die inwoners van die Vaal as geheel wat geraak word deur die gebeure.

HOF : Was dit almal mense van Evaton wat oorlede is of was al die mense van die Vaal uit daardie kerk begrawe? -- Nee, dit was mense van verskillende woonbuurts gewees, (30)

Boipatong en die ander areas. Die oorlede persone was bymekaar gebring, die lyke was bymekaar gebring om hierdie diens te hou daar by Evaton vir die mense om saam begrawe te word.

MNR. JACOBS : Dan vra ek weer vir jou, het jy iets te doen gehad met die reëlings daarso? -- By die beplanning van die program vir hierdie begrafnis het ek wel deelgeneem.

Was dit daar op die beplanning van die program gemeld dat daar sou gaste wees, gassprekers wees van die organisasies wat ek netnou vir jou genoem het? -- Nee.

HOF : Laat ons nou nie oor die woord "gassprekers" praat (10) nie. Sprekers van buite die Vaal? -- Nee, wat ek sê is die volgende. Daar was mense van verskillende organisasies hier teenwoordig tydens die beplanning van die program. Wat ook dan aangebied het dat hulle graag toesprake sal wil lewer. Met dit is hulle in die program ingesluit. Daar was wel van hulle wat toe versoeke gerig het per briefies dat hulle ook toesprake wil lewer. Dus was hulle ook maar kans verleen om dit te doen.

By die beplanning was daar mense van buite die Vaal betrokke? -- Nee, net die Vaal se mense was daar teenwoor-(20) dig.

MNR. JACOBS : Watter organisasies was daar teenwoordig en wat gevra het om te praat?-- Ek praat van die mense wat verskillende organisasies verteenwoordig het by die beplanning van hierdie program. Daarmee bedoel ek die volgende. Daar was persone teenwoordig daar wat briewe gebring het, briewe van hulle organisasies af en terselfdertyd het daardie persone wat daar was met die briewe, versoeke gerig dat hulle as persone daar sal graag wil toesprake lewer. Dit is tydens die beplanning van hierdie program. (30)

HOF : Ja, maar nou het ons nog nie die antwoord nie. Wat is die name van die organisasies wat by die beplanning teenwoordig was? -- Ek kan nie meer so goed onthou watter organisasies was verteenwoordig deur die mense nie.

MNR. JACOBS : Kan jy nie eers een onthou nie? -- Nee, ek sal nie kan onthou en met sekerheid kan sê nie.

Jy sien, ek wil vir jou hierso 'n bewysstuk toon wat by die UDF gekry is wat bekend staan as die "Occurrence Book. Transvaal." Dit is 'n dagboek wat gehou word van boodskappe wat kom en van versoeke wat kom by UDF en wat hulle dan (10) aantekene en waaraan hulle aandag gee. Kyk 'n bietjie in dié verband na BEWYSSTUK AM15 dit is in die reeks volume 2.

Ek het myne genommer. Op die blou teenblad is daar "Occurrence Book". Dit het ek bladsy 1 gemaak om die ding mooi te laat volg. Dan die datum 12 September lyk my 1984 is bladsy 2.

HOF : Die 12 September is baie onduidelik. Dit kan ook 'n 13 wees.

MNR. JACOBS : Dan as jy hom omdraai op die teenblad van daardie een is weer een ingeplak wat boaan het 13 September 1984. (20)

HOF : Gazankulu staan bo.

MNR. JACOBS : Dan is Pik Botha nommer 4. Om die eenheid te behou het ek daardie bladsy wat skoon is bladsy 5 genommer.

HOF : U moenie blankobladsye nommer nie. Dit word nie by ons genommer nie. Kairos is nommer 5. Mnr. Jacobs, ons moet miskien teruggaan. My assessor wys my daarop dat die bladsy 'n nommer het, nommer 4. Die Kairos het 'n nommer 4 op en die Pik Botha het 'n nommer 3 op. Sien u dit? Ek dink ons moet by die oorspronklike dokument se nommering bly.

MNR. JACOBS : Daar was miskien iets gewees wat ek glad (30)

nie/...

nie kan lees nie.

HOF : Is die oorspronklike ingehandig?

MNR. JACOBS : Die oorspronklike is ingehandig. Ek het probeer om daardie nommers uit te maak, maar ek kon nie.

HOF : Laat ons intussen met die ding handel op die basis dat hy ongenommer is. Ons sal die nommers korrek aanbring sodra ons die oorspronklike het, maar verderaan is daar baie duidelike nommers wat tot 27 en 33 loop.

MNR. JACOBS : Op n stadium agtertoe word myne ook duideliker. Ek sal dit toegee. (10)

HOF : Maar u sien daar is byvoorbeeld n 37 as die heel laaste een, maar dan is daar net daar voor n 35. So, daar is blykbaar n bladsy uit. 36 is dan uit. Is daar enige bladsy waarna u wil verwys met hierdie getuie, miskien n besondere bladsy?

MNR. JACOBS : Op hierdie stadium het ons 4 wat lyk my 3 sal wees as die nommer. Die een van Pik Botha.

HOF : Is dit die bladsy waarin u belangstel?

MNR. JACOBS : Ek wil eerste na daardie bladsy toe gaan.

HOF : Ons noem hom intussen bladsy 3. (20)

MNR. JACOBS : Die tweede paragraaf na die een wat begin "Pik Botha" is daar "Vaal Situation." Het jy dit voor jou?
-- Ja.

Daar word hierso opgeteken in die middel van daardie bladsy "Mass funeral plan for Saturday." Dan daarna is n kolom waar daar staan "Follow up." Dan "Speakers." Sal jy saamstem dat hierdie n aanduiding is dat aan UDF is gerap-
porteer dat daar n massa begrafnis beplan word vir die Saterdag en dat sprekers nodig sal wees? -- Ek weet nie wie hierdie verslag aan die UDF gemaak het nie. Dus weet ek (30)

nie/...

nie wat gebeur het nie.

Maar stem jy saam volgens hierdie verslag lyk dit asof daar verslag gedoen is, aantekening van die verslag is geneem en daar is blykbaar 'n versoek vir sprekers vir daardie massa begrafnis? -- Dit kan nie net in daardie opsig gesien word nie. Dit kan wees dat iemand anders daarvan bewus was dat daar 'n massa begrafnis gehou gaan word in die Vaal en met dit het die persoon dit goed gedink om sprekers of om oor die kwessie van die sprekers te dink en dit is dan daar aangeteken. (10)

Sê jy hulle sal daar by UDF sommer net skryf "sprekers" sonder dat hulle weet of hulle toegelaat sal word om te praat in die Vaal? -- Maar niemand sal weet behalwe die skrywer of die persoon wat die aantekeninge gemaak het hoekom dit so geskryf was nie. Ek kan nie sê wat daardie persoon in sy gedagte gehad het nie.

Hierby aansluitend, ek wil jou net verder neem, op bladsy 5. Dan staan daar, die vierde inskrywing waar staan "Vaal (Funeral on Saturday, 10.30 a.m.) Speakers from SCA, SETSO, FEDSO, SOYCO, UDF must be arranged." -- Ja, ek sien dit. (20)

Sodat UDF het hierso 'n versoek gekry dat daar van hierdie spesifieke organisasies sprekers verskaf moet word en dat dit gereël moet word? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek is nie in staat om dit te verduidelik nie.

Julle beplanningskomitee behoort mos daarvan te weet dat daar sal sprekers kom wat UDF gereël het, wat jy nie nou vir die Hof wil sê nie? -- Wat ek wel van weet, met die beplanning van hierdie begrafnis het ons nooit besluit dat ons gassprekers sal nooi om toesprake by hierdie (30)

begrafnis/...

begrafnis te kom lewer nie. Wat ek wel van weet is, sekere persone wat teenwoordig was daar wat boodskappe gebring het per briewe het versoeke gerig dat hulle graag toesprake sal wil lewer daar.

Maar jy kan nie eers vir die Hof een van die organisasies wat daar verteenwoordig was noem nie? -- Die rede daarvoor is dat die gebeure lank gelede plaasgevind het. Destyds het ek nie eers geweet dat ek op 'n latere stadium sal moet verklaar oor wat daar plaasgevind het nie.

Jy sien, op dieselfde basis as wat jy jou antwoord (10) gee, kan dit ook wees dat daardie reëlings was getref dat UDF sou sprekers voorsien? -- Dit is juis my punt. Ek stem nie saam met u as u dit aan my stel dat daar gassprekers was wat genooi was om toesprake te kom lewer hier nie. Wat ek sê is daar was wel mense gewees van verskillende organisasies en die mense het versoeke gerig dat hulle toegelaat word as sprekers by hierdie begrafnis.

HOF : Net voordat u verder gaan, laat ons nou ons nommering korrek kry. Die "Occurrende Book", dit is die buiteblad van die boek, hy kry nie 'n nommer nie, dit is doodgewoon (20) die buiteblad. Die dokument waar die onduidelike September 1984 is, is inderdaad 12 September 1984, nie 13 September 1984 nie en dit is bladsy 1. Die dokument waarop staan "Gazankulu" is bladsy 2. Pik Botha is bladsy 3. Kairos is bladsy 4 en dan "Received a telex" is bladsy 5 en verder volg die ding vanself. Die nommers kan 'n mens sien aan die regterkant bo. 6. Daar is een weg, dit is 20 September 1984. Dit is bladsy 7, hy is aan die linkerkant by ons ingeplak. 11 is Priscilla Jana. 12 is "To say they are observing." Verder is hy redelik duidelik. 17 is weer aan die linkerkant (30)

ingeplak/...

ingeplak. "Informed by telephone." 18 is "9 October 1984 Tuesday." 19 is aan die linkerkant ingeplak. Hy is ook genommer 19. 20 is dan gewoon. 21 het ek nie. 20 en 21 is aanmekaar tot h mate. Die "Office informers by education committee" is 21. "There is an emergency general council meeting" is 34. 35 is "Public meetings" wat aan die linkerkant ingeplak is. 36 is weg. Ek wil net op rekord stel, dat hierdie dokument die bewysstuk, bestaan uit h boek met bladsye waarvan elke nommer is gedupliseer. Dus daar is twee 35's, maar nie altwee die nommers is in die boek nie. (10) Dit is h boek bedoel om h oorspronklike en h deurslag te gee. Grotendeels bestaan die boek uit deurslae. 35 byvoorbeeld is die oorspronklike nog by, die oorspronklike en deurslag, terwyl ek h aparte bundeltjie het met oorspronklikes waarvan die deurslae dan in die boek is. Dit loop tot by bladsy 12. 35 is nou oorspronklike en deurslag in die boek. Hier het blykbaar iets verkeerd gegaan want hier is ook h deurslagpapier op 36 gesit. So, 36 is dieselfde as 35, behalwe dat dit ophou by die woord "amphitheatre" onder UDF. Dus in die middel van die bladsy hou dit op en dan (20) die onderste gedeelte is nie by 36 op die afskrif nie. Die onderste gedeelte, soos dit op 35 verskyn, verskyn inderdaad op 35. Miskien is dit die rede waarom 36 nie gefotografeer is nie en 37 is dan soos aangedui. 37 het ook twee bladsye en 38 en volgende is blank.

MNR. JACOBS : Ek wil u net reghelp. Dit is nie wat ek sê wat ek vir u stel nie . Ek stel aan u wat UDF sê in hierdie boek van hulle dat die Vaal versoek het by daardie massa begrafnis vir sprekers van die verskillende plekke en dat hulle dit moes gereël het en ek wil dit aan jou (30)

stel/...

stel dit is toe ook so gereël.

MR BIZOS : Before the witness answers the question. Of course the prosecutor is entitled to put whatever material he wants to put to the witness. What he is busy putting to him is that he is trying to throw doubt on the witness's evidence on a document which the witness knows nothing about. I would appeal to the State before putting these things to him, to look at the document properly. What the State is busy putting to this witness that there were arrangements made for the mass funeral of the 15th. The(10) date under which this entry appears is 18 January and I would appeal to the State - 18 September - before taking up half an hour of Your Lordship's time to have a proper look at the document before they challenge the witness on his veracity.

MNR. JACOBS : Met alle respek, ek het gekyk na daardie datum. Hier op 'n kant staan 18 September, onder die datum waar dit ingeskryf is op bladsy 4 word die datum boaan die bladsy gesit, daar by 8 staan 14 September 1984. Dan gaan dit aan. Aan die kant staan daar 'n datumpie wat ons nie (20) weet wat dit is nie.

MR BIZOS : The next page is the 19th.

MNR. JACOBS : Dit mag so wees, maar onder die datum hier, want soos die hele boek geskryf is, van die datum van die 14de staan dit hier.

MR BIZOS : The 18th is there clearly for everyone to see and the entry is under the 18th.

MNR. JACOBS : Ek weet nie hoe My Geleerde Vriend dit kan sê nie. Dit is 'n datum wat aan die kant daar ingeskryf is in 'n vierkant in.

(30)

HOF : Gee my die oorspronklike. Laat ons nou voor begin op bladsy 4. Op bladsy 4 wil dit voorkom asof met dieselfde kleur ink geskryf is vanaf Soweto tot by 8-uur en daarna ook. Eintlik wil dit lyk asof dit dieselfde aantekening is vanaf 8-uur 1984-09-14 Dr. Allen Boesak. Dit lyk of dit dieselfde handskrif is. Dit lyk of dit moontlik dieselfde handskrif is 11.25. Die kleur van daardie ink is presies dieselfde. Vanaf 8-uur tot 11.25. Die bladsy om is dit n ander kleur ink boaan bladsy 5. Die "date, follow up" en "time" boaan is in swart ink. Dan is dit in blou ink (10) die gedeelte wat teenoor "7 p.m." staan. Dan is die datum 18 September 1984 in swart ink, dié in die blokkie. Dan is daar in n donkerder blou ink "Federation Foreign Office in Bonn". Dan vanaf 11.30 is in swart ink "Vaal Funeral" ensovoorts en die swart ink loop dan deur die hele bladsy vol tot onder. Die volgende bladsy is heeltemal in swart. Ons sal miskien later die skrywer van die dokument kry. Ek weet nie, maar u kan nou maar u afleidings maak en dit stel as afleidings, nie noodwendig as feite nie.

MNR. JACOBS : Mnr. Mokoena, kom ek stel dit dan aan jou (20) so in billikheid, as dit dan so is dat UDF vir hierdie massa begrafnis van die 15de ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wonder of dit nie liewers genoem moet word n gesamentlike begrafnis nie.

MNR. JACOBS : n Gesamentlike begrafnis. Vir hierdie gesamentlike begrafnis van die 15de, dat sprekers gekom het van hierdie verskillende organisasies en dat hulle dit moes reël, dan moes jy dit ook geweet het by die beplanning van hierdie begrafnis voor die beplanningskomitee? -- Ek weet nie waarvandaankom UDF met hierdie aantekening wat hulle (30)

nou/...

nou hier aangebring het nie.

Laat ek net dit by jou verder dan kry. Die gesamentlike begrafnis wat julle gehou het op die 15de September 1984, was dit op 'n Saterdag gehou? -- Ja, dit was 'n Saterdag.

En hierdie begrafnis was dit gehou om 10.30 voormiddag? -- Om en by 12h00.

Hoe laat was dit beplan dat hulle sou begin by die kerk? -- 12h00.

Kom ons gaan na die volgende begrafnis toe, die een van 23 September. Hoe laat was dit gereël? -- Ek weet (10) nie hoe laat dit moes begin het nie.

Dit is vir my baie eienaardig. Nou-nou kon jy presies onthou wanneer moes die vorige een begin het en hierdie een 'n week of 'n paar dae later kan jy nie vir ons sê wanneer hy begin het nie, een waar jy nog spesifiek die seremoniemeester was? -- Die rede daarvoor is by die gesamentlike begrafnis was ek teenwoordig toe dit gereël was. Aan die tweede begrafnis het ek geen aandeel gehad in die reël daarvan nie.

Maar jy moes tog daar gewees het om as seremoniemeester (20) op te tree. Dan moes jy tog 'n tyd gehad het. Jy moes tog geweet het was dit in die voormiddag, was dit in die namiddag? -- Nee, dit is nie so nie. Dit was nie vroeër so gereël nie. Ek het net die begrafnis bygewoon. Met my aankoms daar was dit gevind dat Reverend McCamel nie teenwoordig was nie. Dit was toe daar besluit, terwyl ek daar was, dat ek as die seremoniemeester moet optree.

So, dit was nie vooraf gereël nie? -- Nee.

Het McCamel nooit opgedaag nie? -- Hy het opgedaag terwyl ons besig was met die diens daar. (30)

En/...

En toe hy nou opgedaag het, het hy oorgeneem as seremoniemeester? -- Ja, hy het oorgeneem en voortgegaan.

En sy getuienis dat hy op 'n stadium terwyl jy die seremoniemeester was vir jou moes versoek om te keer dat beskuldigde nr.1 nie so 'n aggressiewe toespraak daar maak nie, is eintlik verkeerd? -- Dit is nie verkeerd nie. Dit is verkeerd net in hierdie opsig. Dat dit nie beskuldigde nr. 1 was wat besig was met 'n toespraak toe hy dit versoek het nie. Dit was ene Sibusi.

Jy gee dan toe dat McCamel moes vir jou op 'n stadium(10) vra om een van die sprekers te keer dat hulle nie so 'n aggressiewe toespraak maak nie? -- Ja, dit het gebeur op 'n stadium toe ons mekaar in die oë gekyk het dat hy my gevra het wat gebeur nou en 'n aanduiding gemaak het dat ek daardie persoon moet keer as gevolg van die toespraak wat die persoon besig was om te gee daar.

Omdat dit opruiend van aard is? -- Ja, dit het so geklink.

Nou hoe is dit dan as hy voorsitter is, dat hy vir jou sal vra, as hy as seremoniemeester oorgeneem het na jou, (20) om dit te doen. Hoekom doen hy dit nie self nie? -- Toe hy die versoek aan my gerig het, was voor hy oorgeneem het as seremoniemeester. Eers daarna het hy oorgeneem.

Ek wil net een ding voor dit my ontgaan vir jou vra.
By die begrafnis ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Het hy dan eers oorgeneem by die graf of het hy in die kerk oorgeneem? -- In die kerk.

MNR. JACOBS : Net voor iets my ontgaan wil ek vir jou.

Jy het gepraat van reëlins vir die begrafnis van die 15de, (30)

van/...

van ander organisasies. Van waar af het hulle gekom? Laat ons net dit op rekord kry. Wat daar betrokke was en gevra het om te praat ensovoorts? -- Op hierdie oomblik is ek nie in staat om vir u te sê waarvandaan hierdie organisasies gekom het nie, behalwe om net aan u te sê daar was wel mense van verskillende organisasies gewees.

Het die mense gekom van buite die Vaal? Dit kan jy tog vir ons sê, want jy kan goed onthou van die tyd omdat jy reëlins getref het, dan kan jy seker vir ons sê of die mense van buite die Vaal af gekom het? -- Ja, daar was (10) van die mense wat van buite die Vaal af gekom het.

As u sê van buite die Vaal, is dit van Johannesburg af, plekke soos Soweto en daardie woonbuurtes? -- Ek sal nie pertinent kan onthou nie, maar wat ek wel kan sê is dat daar was mense gewees van buite die Vaal.

Was daar organisasies binne die Vaal ook op daardie beplanningskomitee teenwoordig wat samesprekings met julle gevoer het? -- Ja, my organisasie was daar verteenwoordig deur myself en die persoon wat my vergesel het was ook teenwoordig daar. (20)

Wie het jou vergesel? -- Jonas Khubeka.

Was hy ook van ERPA? -- Ja.

Maar van die ander organisasies van die Vaal kan jy nie een onthou nie? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Praat ons nou van die beplanning? Het u weer teruggespring na die beplanning vir die begrafnis van die 15de?

MNR. JACOBS : Van die 15de, net om daardie organisasies van buite die Vaal te kry.

HOF : Die getuie het dit so verstaan? -- Ja, ek verstaan (30)

dit/...

dit.

MNR. JACOBS : Dan net om dit af te sluit, kan jy net sê hoe lank voor die begrafnis het julle hierdie beplanning gedoen? -- Ek sal nie kan sê presies hoeveel dae na hierdie vergadering van die beplanning was die begrafnisse gehou nie, maar dit was n paar dae gewees, minder as n week.

Ek gaan dan weer terug na die begrafnis van die 23ste toe. In hierdie voorvalleboek van UDF BEWYSSTUK AM15 wil ek jou nou verwys na bladsy 6. Ek wil daar vir jou die tweede inskrywing lees wat duidelik blyk dat daar ook (10) weer aan UDF gerapporteer is omtrent hierdie begrafnis. Hier is dit "Patrick Baleka" van "AZANYO Sebokeng", dit is beskuldigde nr. 1, is dit reg? -- Ja, daar is n persoon met die naam van Patrick Baleka tussen die beskuldigdes.

Beskuldigde nr. 1? -- Ja.

Jy sien, volgens hierdie inskrywing, stel ek dit aan jou, het hy gerapporteer aan UDF dat daar "funeral arrangements of Joseph Sithole" was. Joseph Sithole, dan sê hulle van COSAS en "VUL committee member who has died. Murder case. Died 9/9/84." Dan aan die kant waar dit nou geskryf word (20) "Follow up" dan staan daarso n kodenommer en n telefoonnommer 016 34-1764 Alex Skosana Chairman COSAS Vaal. So, ek stel dit aan jou dat Joseph Sithole was n lid gewees van COSAS Vaal of van hierdie VUL Committee, en dat Alex Skosana ook die "chairman" is van COSAS Vaal.

HOF : Laat ons net hoor. Weet u wat is n VUL? -- Ek weet glad nie.

MNR. JACOBS : As beskuldigde nr. 1 in die getuiebank kom kan n mens miskien by hom uitvind waarvoor dit staan.

Stem jy saam dat dit n duidelike aanduiding is, inligting (30)

wat/...

wat beskuldigde nr. 1 gegee het ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : There is no entry that this information was furnished by accused no. 1.

MNR. JACOBS : Goed, kom ons stel dit so. Volgens hierdie inligting verskaf aan UDF was Joseph Sithole 'n lid van COSAS? -- Ek weet nie of dit die boodskap is wat oorgedra word met hierdie inskrywing nie.

Aan die kant word dit gestel dat Alex Skosana word genoem as die "chairman" COSAS Vaal? -- Ek sien dit daar geskryf staan. Of hy nou die voorsitter is of wie hy ook(10) al is, ek ken hom nie eers van sien nie.

HOF : Ken u 'n Alex Skosana? -- Ek ken hom glad nie.

MNR. JACOBS : En ek wil dit aan jou stel as 'n COSAS lid begrawe word, dan is hulle in beheer van die begrafnis en vir jou om daar te kan optree sal jy hom behoort te ken en moet ken voordat hulle jou sal toelaat om op te tree as 'n seremoniemeester? -- Nee, dit kan nie die waarheid wees nie. Dit is nie die waarheid nie. Was dit die geval, sou die COSAS mense my daar genader het en vir my gesê het "Kyk, McCamel en sy mense" met verwysing na sy organisasie (20) Ministers Solidarity "het niks hier te doen nie. Ons is die mense wat die reëlings tref" sou hulle dit so aan my gestel het, maar aangesien daar nie so iets bestaan het nie, het hulle my nie eers genader nie. Dus is ek reg as ek sê die Ministers Solidarity was maar in beheer vir die reëlings van die begrafnis.

En ek wil nog 'n stelling aan jou maak, as Alex Skosana die voorsitter is van COSAS Vaal, dan sou hy 'n toespraak ook op daardie begrafnis gelewer het waar 'n lid van sy komitee begrawe word? (30)

MR BIZOS : I saw that without any support in the entry, the late Mr Joseph Sithole has now been made a member of the committee of COSAS, according to the question.

COURT : I think he said "lid", van sy lid.

MR BIZOS : Committee he said.

COURT : Sorry, I wrote it down wrongly.

MNR. JACOBS : Kom ons sê dan lid van COSAS. -- Ek kan my dit nie voorstel nie. Ek onthou nie dat 'n persoon met die naam van Alex Skosana daar 'n toespraak gelewer het nie.

Jy as seremoniemeester moes tog die mense voorgestel(10) het daar? Jy moes tog hulle besonderhede gehad het voor die tyd om die mense wat daarso praat voor te stel? -- Ja, dit is so.

Dan kan jy seker vir die Hof ook sê wie is die persone wat jy voorgestel het, as watter organisasies se verteenwoordigers? -- Die sprekers wat ek daar toegelaat het was baie min gewees volgens die program wat opgestel was. Daar was mense wat self gevra het om 'n kans gegee te word om iets te sê. Soos byvoorbeeld beskuldigde nr. 1. Hy het nie op die program verskyn nie, maar volgens sy versoek is hy(20) toe toegelaat.

En namens watter organisasie het hy gepraat? -- Hy het nie namens 'n organisasie daar 'n toespraak gelewer nie. Hy het my net gevra of hy 'n toespraak kan lewer en hy het toe sy toespraak gelewer daar.

Het hy nie gepraat namens AZANYO Sebokeng nie? -- Behalwe dat hy gesê het dat hy 'n lid is van AZANYO het hy nie in sy toespraak 'n boodskap oorgedra dat hy nou namens AZANYO daardie toespraak lewer nie.

Het hy darem daar op die vergadering gesê hy is van (30)

AZANYO/...

AZANYO? -- Ja, dit is so.

Ekskuus, op die begrafnis? -- Ja, dit is so.

Het hy gesê wat is hy in AZANYO? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Het hy gesê waarvanaf kom hy? -- As ek reg onthou het hy gesê hy kom van Soweto af.

Dit is beskuldigde nr. 1 wat daar versoek het. Jy het eintlik my vraag nou-nou ontwyk. Van die mense wat jy voorgestel het as sprekers, kan jy dan seker onthou watter organisasie se mense het jy voorgestel? -- Ek kan nie van h (10) spesifieke persoon onthou wie ek gesê het kom van h sekere organisasie nie. Ek het net van die program gelees, dit dit wil sê die persoon se naam gelees, soos die naam op die program gestaan het.

Kan jy vir ons sê enige persoon wat jy daar voorgestel het aan die gehoor wat daar gepraat het se naam? Enigeen van hulle? -- Die meerderheid van die mense by hierdie begrafnis was nie aan my bekend nie. Dus het ek net die name van die persone genoem wie se name op die program staan.

Maar die program sou tog sekerlik gemeld het dat (20) daar is mense van sekere organisasies, waarvanaf hy kom sodat jy hom kon voorstel aan die mense? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek so iets gelees het nie.

Die man wat jy moes stilmaak op versoek van McCamel van waar af kom hy? Ek dink jy het gesê sy naam is Sibusi of so iets? -- Volgens sy toespraak was die persoon h student gewees by die Universiteit en volgens sy toespraak kon h mens vasgestel het dat hy eintlik h lid is van die Studenteraad van daardie Universiteit.

Watter Universiteit is dit? -- As ek reg is, sal dit (30)

die/...

die Noorde wees.

Waar is dit? Pietersburg? -- Ja, ek glo dit is Pietersburg.

Wat het hy gesê watter organisasie behoort hy aan? -- Ek sê dan dat hy nie gesê het of hy aan enige organisasie behoort nie. Wat hy wel gesê het wat ek verstaan het van sy toespraak is dat hy 'n lid is van die Studenteverteenwoordigersraad by hierdie Universiteit.

Was hy 'n geskeduleerde spreker of was hy ook een wat net versoek het om te praat? -- Ek kan nie meer onthou (10) of hy daar 'n toespraak gelewer het omdat sy naam op die program verskyn het en of hy een van die mense is wat 'n versoek gerig het om vergunning verleen te word om 'n toespraak te lewer nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 19 MAART 1987.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- **AK2117-I2-6-194**

Document Title:- **Vol 194 p 10058-10119. Witness: Mokoena**